

Die Federasie van Beheerliggame  
van Suid-Afrikaanse Skole



# Geïntegreerde Jaarverslag

---

## 2025





<b>INLEIDING EN OORSIG</b>	<b>2</b>
FEDSAS se benadering tot verslagdoening	2
Termyn gedek in hierdie verslag	2
Sleutelkonsepte, afkortings en verklarende terme	2
Teikengehoor	3
Kontakbesonderhede en terugvoering	3
<b>VOORWOORD: NASIONALE VOORSITTER</b>	<b>4</b>
<b>VERSLAG VAN DIE UITVOERENDE HOOF</b>	<b>6</b>
<b>WAARDETOEVOEGING</b>	<b>10</b>
Wie is FEDSAS?	10
Kernwaardes	10
FEDSAS se beginsels	11
FEDSAS se doelstellings	11
Nasionale voetspoor	12
Nasionale Raad	13
Komitees	13
Beheerstrukture	14
<b>STRATEGIESE EN TOEKOMSGERIGTE BEPLANNING</b>	<b>16</b>
<b>WESENLIKE ASPEKTE</b>	<b>20</b>
<b>FEDSAS SE KOMPETERENDE LANDSKAP</b>	<b>22</b>
Fokusarea: Opleiding en steun	22
Fokusarea: Bewusmaking	26
Fokusarea: Navorsing	30
Fokusarea: Groei ledetal	31
Fokusarea: Fondswerwing, verhoudingsbestuur en spreekbuis vir beheerliggame	32
Fokusarea: Goeie korporatiewe bestuur	33
<b>FINANSIËLE STATE</b>	<b>35</b>

# INLEIDING EN OORSIG

## FEDSAS se benadering tot verslagdoening

FEDSAS aanvaar die King V™-verslag oor Beheer vir Suid-Afrika, 2025, as die brondokument oor dit waaruit goeie beheer bestaan.

Hierdie geïntegreerde jaarverslag gee terugvoering oor, en bied 'n vooruitskouing van die organisasie se verbintenis tot goeie beheer en hoe dit grondslag vind in sy aktiwiteite. Die doel van die verslag is om aan alle belanghebbendes, intern en ekstern, 'n oorsig en insig te bied oor die nie-finansiële en finansiële stand van sake in terme van FEDSAS se strategiese doelwitte. Sodoende word belanghebbendes in staat gestel om die organisasie se prestasie en volhoubaarheid te evalueer. FEDSAS wil met hierdie verslag aan belanghebbendes wys hoe die organisasie waarde toevoeg tot die Suid-Afrikaanse samelewing, en veral die onderwyssektor.

## Termyn gedek in hierdie verslag

Hierdie geïntegreerde jaarverslag bied 'n oorsig oor FEDSAS se werksaamhede vir 2025, asook die finansiële jaar 2025.

## Sleutelterme, afkortings en verklarende terme

- **Wesentliche aspekte:** Alle aangeleenthede, aspekte en aktiwiteite relevant tot die organisasie se waardetoevoeging. In terme van die riglyne van Internasionale Raad vir Geïntegreerde Verslagdoening is 'n organisasie se impak op verskeie kapitale wesentlik of relevant slegs indien dit 'n beduidende invloed het op die beskikbaarheid, gehalte en bekostigbaarheid van kapitale waarop die organisasie steun, indien dit interne en eksterne belanghebbendes se persepsies van die organisasie op so 'n wyse beïnvloed dat dit besigheidsgevolge het of indien dit ander strategiese waarde inhou. Die organisasie se impak kan positief, negatief of neutraal wees.
- **FEDSAS:** Die Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole
- **Organisasie sonder winsbejag:** 'n Organisasie wat nie 'n winsoogmerk najaag nie, wat insluit 'n organisasie wat opgerig is as 'n maatskappy ingevolge die Maatskappywet 71 van 2008 ('n maatskappy sonder winsbejag), 'n statutêre liggaam, trust of vrywillige vereniging, ongeag of dit ingevolge die

Wet op Organisasies sonder Winsbejag 71 van 1997 as 'n organisasie sonder winsbejag of ingevolge die Wet op Inkomstebelasting 58 van 1962 as 'n openbareweldaad-organisasie tot stand gebring is

- **Skolewet:** Die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996
- **Wet op Nasionale Onderwysbeleid:** Die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid 27 van 1996
- **Wet op Indiensneming van Opvoeders:** Die Wet op die Indiensneming van Opvoeders 76 van 1998
- **Wysigingswet op Basiese Onderwyswette:** Die Wysigingswet op Basiese Onderwyswette 32 van 2024

## Teikengehoor

Die inligting in hierdie verslag is gemik op die behoeftes van huidige en toekomstige belanghebbendes en beleggers met langtermyn-belang by die organisasie.

## Kontakbesonderhede en terugvoering

Terugvoering oor die inhoud en struktuur van hierdie verslag sal FEDSAS in staat stel om sy verslagdoeningspraktyke voortdurend te verbeter.



Nasionale kantoor: 051-522 6903

E-pos: [info@fedsas.org.za](mailto:info@fedsas.org.za)

Webwerf: [www.fedsas.org.za](http://www.fedsas.org.za)



# VOORWOORD: NASIONALE VOORSITTER

Hoe bly jy opgewonde oor môre wanneer dit lyk asof alles om jou inmekaar tuimel? Hoop, dalk? Maar hoop is nie 'n strategie nie, leer ons by leierskapkenners. 'n Positiewe ingesteldheid kan help maar blote lewenservaring leer ons dat nie elke donker wolk noodwendig 'n silwer randjie het nie.

FEDSAS was in 2025 opgewonde oor môre. Selfs al was daar omtrent elke môre nog slegte nuus oor onderwysamptenare wat nie 'n hart vir kinders het nie, provinsiale onderwysdepartemente wat steeds geen insig in hul verpligtinge wil of kan toon nie, honger kinders in oorvol klaskamers sonder onderwysers en begrotings wat nie klop nie.

FEDSAS was ook opgewonde oor môre selfs toe 'n donker wolk oor die organisasie se eie begroting ingeskuif het. Toe planne nie uitgewerk het nie, tydsraamwerke hulle nie aan tyd gesteur het nie en geleenthede net-net buite bereik gebly het.

Hoe kon FEDSAS opgewonde oor môre bly? Die antwoord lê in vertroue. Vertroue in die organisasie se visie en missie, vertroue in kundigheid en insig wat oor meer as 30 jaar opgebou is, vertroue in die vermoë en toewyding van die span. Die FEDSAS-span weet waartoe hulle in staat is, hulle weet hoe om weerstand te bied teen druk en hulle weet hoe om op hul voete te dink.

Elke môre bring nuwe geleenthede – soms is dit geleenthede om kragte te meet met onverwagse uitdagings. Dit is die verskil tussen positiwiteit en optimisme. Positiwiteit is emosioneel, tydelik, soms gedwonge. Optimisme is 'n volhoubare en vernuwende dryfkrag. Dit is die vermoë om 'n positiewe toekoms te sien ongeag korttermyn-uitdagings. Optimiste hoop nie vir die beste nie – hulle beplan vir elke moontlike weergawe van môre. Daarom het FEDSAS se uitvoerende komitee vanjaar moontlike scenario's vir die onderwyslandskap van 2025-2030 ontwikkel om die organisasie se beplanning vir die toekoms te rig.

FEDSAS se nuutverkose Nasionale Raad het ook planne gemaak om opgewonde oor môre te wees. Ek kan met vertroue sê dat elkeen wat by FEDSAS betrokke is, optimisties oor onderwys is. Die bewyse hiervan lê opgesluit in die inhoud van hierdie verslag. Ek bied daarom hierdie geïntegreerde verslag met trots aan. In die verslag word daar eerlik, deursigtig en verantwoordbaar melding gemaak van elke goeie én slegte môre van 2025.

**Dr. Shaun Mellors**  
**Nasionale voorsitter**

Optimisme is 'n volhoubare en vernuwende dryfkrag. Dit is die vermoë om 'n positiewe toekoms te sien ongeag korttermyn-uitdagings.



# VERSLAG VAN DIE UITVOERENDE HOOF

Ons interne tema vir 2025 was baie doelbewus: Opgewonde oor môre. Dit kon skaars anders wees wanneer 'n organisasie met kinders, skole en die toekoms werk. Die werklikhede van die jaar het egter gewys dat optimisme en opgewondenheid nie die afwesigheid van uitdagings beteken nie, maar juis die keuse om met hoop en vasberadenheid binne moeilike omstandighede voort te bou.

Die tema het afgespeel teen die agtergrond van een van die mees uitdagende jare in die Suid-Afrikaanse onderwysomgewing, met die meeste provinsies wat nie aan statutêre sperdatums, betaaldatums, aanstellingsverpligtinge en ondersteuning aan skole kon voldoen nie. Groot skaalse sistemiese verval het duidelik na vore gekom, met kapasiteit in provinsiale departemente wat nuwe laagtepunte bereik het. Die verval van stede en dorpe, toenemende finansiële druk en politieke spanning het verdere druk op die onderwysstelsel en skole geplaas. Die laat- en onderbetaling van hulpbrontoewysings ingevolge die Nasionale Norme en Standaarde van Skoolbefondings (NNSSF) aan skole, langdurige vakatures, die vermindering van poste, 'n toename in vrystellings van skoolfonds en slegte skuld het 'n werklike "perfekte storm" geskep. FEDSAS het ook die verplaaste finansiële druk direk ervaar, ondanks groei in ledetal.

Stephan Joubert verwys in 'n rubriek op Netwerk24 na 'n besoek van 'n Amerikaanse senator aan Moeder Teresa. Hy was oorweldig deur die omvang van lyding en het haar gevra hoe sy dit regkry om nie moedeloos te raak nie. Haar reaksie was eenvoudig: "My dear Senator, I am not called to be successful, I am called to be faithful." In die konteks van goeie beheer en bestuur bly prestasie belangrik, maar dalk belangriker is die vraag of ons te midde van moeilike en onvoorspelbare omstandighede getrou gebly het aan ons missie in alles wat ons gedoen het. FEDSAS se rol is immers juis om in die "kookpot" van onderwys teenwoordig te wees en daar waar dit warm en uitdagend is, ons kollektiewe stem te laat geld.

Hierdie verslag bevat talle hoogtepunte en suksesse wat in 'n jaar van "ten spyte van" plaasgevind het. In sommige van ons grootste suksesse is daar ook skadukolle, en in sommige van ons grootste geleenthede lê daar risiko's. Hierdie werklikhede word openlik in die verslag toegelig omdat ons 'n kollektiewe verantwoordelikheid vir goeie beheer en aanspreeklikheid ooreenkomstig die King V-kode dra.

2025 was ook die eerste jaar van die nuwe termyn van die raad. Raadslede het vinnig hul voete in komitees en raadsprosesse gevind en toegesien dat die organisasie in bekwame hande bly.

Dit was 'n jaar wat ongekende tyd en energie aan verhoudingsbestuur vereis het. Die nuwe dinamika binne die Regering van Nasionale Eenheid het ook 'n merkbare invloed op die onderwyssektor gehad. Sterk verhoudings bly kernbelangrik in ons werksomgewing en word slegs deur volgehoue betrokkenheid en vertrouwe gebou. Baie sake word agter die skerms opgelos sonder dat daar in die openbaar daarvoor berig word, maar dit maak 'n beduidende verskil en voorkom dikwels langdurige

Die werklikhede van die jaar het egter gewys dat optimisme en opgewondenheid nie die afwesigheid van uitdagings beteken nie, maar juis die keuse om met hoop en vasberadenheid binne moeilike omstandighede voort te bou.

regsprosesse. Ons kollektiewe stem dra gewig waar dit werklik saak maak. Dit is 'n kompeterende waardetoevoeging wat gekoester moet word.

Die Uitvoerende Komitee het gedurende die jaar ook tyd geneem om oor moontlike scenario's vir die organisasie te besin en weer na die langtermyn doelwitte te kyk. Vier moontlike scenario's word in die verslag bespreek. Een van die groot swakpunte van die onderwysstelsel bly die sogenaamde "one size fits all"-benadering wat eenvoudig nie werk nie. FEDSAS se benadering, naamlik om lede binne hul unieke konteks te ondersteun, bly daarom van besondere waarde.

Hierdie geïntegreerde verslag gee 'n oorsig van 'n omvangryke taak wat deur 'n klein groep toegewyde en bekwame mense verrig word. Daar is opregte trots op die span wat met toewyding en professionaliteit werk, asook diepe dankbaarheid teenoor elke lidskool wat dit moontlik maak deur die getroue betaling van ledegeld. Elke seisoen in die onderwys bring uitdagings, maar ook nuwe moontlikhede. By FEDSAS wag ons nie vir geleenthede nie: ons skep dit. Ons tema vir die jaar was meer as 'n slagspreuk; dit was 'n ingesteldheid wat weerspieël hoe ons saam lei, dien en bou.

Ons krag lê in mense: personeel, vrywilligers wat op raadstrukture dien, en leiers wat verby struikelblokke kyk en doelbewus in die toekoms van kinders belê. Elke opleidingsessie, elke skoolbesoek en elke gesprek met 'n beheerliggaamlid, ouer of amptenaar versterk die weefsel van goeie beheer en herinner ons waarom hierdie werk betekenisvol is. Die jaar het weer bevestig dat goeie beheer nie oor strukture op papier gaan nie, maar oor mense wat met integriteit, moed en hoop optree. By FEDSAS bou ons doelbewus aan 'n kultuur waar eerlike gesprek, aktiewe luister, gesamentlike beplanning en volle eienaarskap van die missie sentraal staan.

Ek spreek graag my dank uit teenoor alle lede van die Nasionale Raad en al die komitees, insluitend die provinsiale rade en adviesrade, wat FEDSAS onbaatsugtig en sonder vergoeding met opregte passie dien. Ek het ook besondere waardering vir raadslede wat vrywillig soveel van hul tyd opoffer sonder enige finansiële beloning.

'n Spesiale woord van dank aan dr. Shaun Mellors, voorsitter van die Nasionale Raad. Sy bestendige leierskap was instrumenteel in die eerste jaar van die nuwe raad se termyn. Sy insig, aanmoediging en onwrikbare toewyding het duidelikheid en rigting gebied in 'n tyd van verandering.

Opregte dank ook aan die FEDSAS-span. Wat 'n voorreg om saam met só 'n span te werk! Dit is 'n uitsonderlike span mense, met elke individu wat 'n unieke bydrae lewer tot iets besonder.

Hierdie verslag kyk terug op 2025, maar ook vorentoe. Die scenario's wat ontwikkel is en die rol van die adviesrade sal baie van die aksies vir 2026 rig. FEDSAS se eerste nasionale skoolbeheer-konferensie behoort een van die hoogtepunte van die nuwe jaar te wees, en daar word met verwagting daarna uitgesien om lede daar te verwelkom.

**Dr. Jaco Deacon**  
**Uitvoerende hoof**



Ons krag lê in mense:  
personeel, vrywilligers  
wat op raadstrukture  
dien, en leiers wat verby  
struikelblokke kyk en  
doelbewus in die toekoms  
van kinders belê.

# WAARDE TOEVOEGING

## Wie is FEDSAS?

FEDSAS is die leier in skoolbeheer- en bestuur. Die organisasie fokus op die ontwikkeling van bekwame skoolbeheerliggame van skole. FEDSAS verskaf inligting, organiseer, mobiliseer en rus ons lede toe om die hoogste onderwysstandaarde in skole te handhaaf en uit te bou. Die organisasie is in 1993 gestig en het oor die afgelope meer as drie dekades gegroei tot een van die mees gerekende rolspelers in Suid-Afrikaanse onderwys.

Die **visie** van FEDSAS is die behoud en bevordering van onderwys van gehalte in alle skole in die Republiek van Suid-Afrika.

Die **missie** van FEDSAS is om alles in sy vermoë te doen om sy lede en belangegroepe, naamlik die ouers, leerders en personeel, te verteenwoordig in die vestiging en bevordering van die hoogste moontlike standaard van opvoeding vir AL die kinders van ons land en ook om doeltreffende leierskap in en van skoolbeheer en -bestuur te bevorder.

## Kernwaardes

### *Uitmuntendheid*

Om kompromisloos gehalte-diens te lewer en om altyd te soek na beter maniere om dinge te doen deur ons verbintenis aan voortdurende verbetering in ons persoonlike en professionele lewe.

### *Integriteit*

Om eerlik, deursigtig, oop, geloofwaardig en respekvol op al ons verskille in ons interne en eksterne interaksies te bou.

### *Passie*

Om 'n positiewe verskil te maak deur geesdrif, toewyding, sterkte, intensiteit en om algehele oorgawe na te streef in alles wat ons doen.

### *Rentmeesterskap*

Om verantwoordelikheid te aanvaar en verantwoordbaar te wees.

### *Verhoudinge*

Om inslag te gee aan die deugsame sirkel van respek, vertrouwe en openheid in al ons verhoudinge en daardeur 'n impak te maak en invloed uit te oefen.

## FEDSAS se beginsels


- FEDSAS onderskryf die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika.
- FEDSAS ondersteun die beginsel van maksimum afwenteling van skoolbeheer en -bestuur na beheerliggame van openbare skole, en beywer hom vir die bevordering en uitbouing van die magte en bevoegdhede van beheerliggame deur die opbou van die vermoëns van beheerliggame.
- FEDSAS ondersteun en bevorder die beginsel van die vryheid van beheerliggame en skoolgemeenskappe om die vlak waarop onderwys deur die Staat voorsien word, aan te vul.
- FEDSAS onderskryf die beginsel van keuring en erkenning op grond van meriete en uitnemendheid.
- FEDSAS ondersteun die beginsel dat skoolbeheerliggame vir elke leerder geleentheid behoort te skep om hul volle potensiaal te verwesenlik.
- FEDSAS onderskryf die beginsel van behoud en bevordering van 'n kultuur van leer en onderrig in alle skole sowel as die beginsel van uitnemendheid in onderrig.
- FEDSAS ondersteun die beginsel van vestiging en behoud van gesonde verhoudinge met alle belangegroepe in die onderwys.
- FEDSAS ondersteun en omhels die beginsel van verdraagsaamheid. Ons respekteer, erken, huldig en vier die verskillende kulture, gelowe en tale van die mense van die Republiek van Suid Afrika, verenig in ons diversiteit.

## FEDSAS se doelstellings

- Om as verteenwoordigende liggaam en spreekbuis te dien vir die bevordering van die gemeenskaplike belange en ideale van sy lede sonder om in hul huishoudelike sake in te meng
- Om amptelike erkenning van alle toepaslike liggame, instellings en owerhede te verkry
- Om namens sy lede samesprekings te voer en te onderhandel met, en voorleggings te maak aan gesagsliggame en ander instellings op alle vlakke
- Om geld in te samel ter verwesenliking van die doelstellings van FEDSAS
- Om alle stappe te doen wat nodig kan wees om die missie of doelstellings van FEDSAS te bevorder
- Om opleiding, toerusting en bystand aan sy lede te voorsien in die uitoefening van hul regte, die uitvoering van hul pligte, en die nakoming van hul verantwoordelikhede
- Om gesonde kommunikasie met alle belangegroepe in die onderwys te vestig en te bevorder
- Om die vernaamste innoveerder te wees om maksimum waarde uit die beskikbare tegnologie te ontgin ter wille van ons interne behoeftes, operasionele behoeftes, om ons lede van diens te wees en te begelei t.o.v. die impak van tegnologie op onderwys

# FEDSAS se nasionale voetspoor

Verspreiding van lede / kontakbesonderhede



## Nasionale Raad

'n Nasionale Raad is verantwoordelik vir die beheer van FEDSAS. Hierdie beginsel beteken dat die Nasionale Raad uiteindelik vir die organisasie en sy werksaamhede verantwoordelik is. Die Nasionale Raad is die struktuur wat oor FEDSAS se welstand verantwoording sal moet doen. Lede van die Nasionale Raad word elke drie jaar tydens die Algemene Jaarvergadering van FEDSAS verkies. Die Nasionale Raad is verantwoordelik vir die beheer van FEDSAS, wat die beheer van die geld en ander bates van die organisasie insluit. Aangesien die Nasionale Raad ander se bates beheer, staan die organisasie sowel as alle individuele lede van die Nasionale Raad in 'n vertrouensverhouding ('n fidusiêre verhouding) teenoor FEDSAS. Ooreenkomstig sy fidusiêre pligte, moet die Nasionale Raad in belang van die organisasie handel. Benewens fidusiêre pligte, is lede van die Nasionale Raad ook verplig om behoorlike sorg, vaardigheid en toewyding aan die dag te lê. Hulle het ook statutêre pligte wat deur verskillende wette (insluitend die gemenerereg), die oprigtingsdokumente van die organisasie (die grondwet van FEDSAS) en enige ooreenkomste wat die organisasie kan aangaan (soos die aanstellingsbriewe of dienskontrakte) aan hul opgelê word. Lede van die Nasionale Raad behoort hul pligte te verstaan om moontlike persoonlike aanspreeklikheid weens pligsversuim te voorkom. Lede van die Nasionale Raad ontvang geen vergoeding in ruil vir hul diens nie. Tog kan pligsversuim steeds tot verantwoordbaarheid en persoonlike aanspreeklikheid lei.

## Komitees


Uitvoerende komitee	Die uitvoerende komitee is verantwoordelik vir die uitvoering van FEDSAS se strategie en sakeplanne. Dit funksioneer onder voorsitterskap van die uitvoerende hoof en bestaan uit senior personeel van die organisasie.
Menslikehulpbronne-komitee	Die menslikehulpbronnekomitee vorm deel van die beheerstrukture van die nasionale raad van FEDSAS en adviseer die nasionale raad oor alle aangeleenthede rakende menslike hulpbronne en vergoeding van personeel. Die voorsitter en lede van die komitee word deur die nasionale raad aangestel.
Oudit- en Risikokomitee	Die oudit- en risikokomitee is verantwoordelik vir die toesig oor FEDSAS se finansies, risiko en voldoeningsvereistes. Dit is deel van die beheerstrukture van die nasionale raad en die voorsitter en lede word deur die nasionale raad aangestel.
Strategiekomitee	Die strategiekomitee is 'n staande komitee van die nasionale raad bestaande uit die voorsitter, ondervoorsitter, uitvoerende hoof en komitee voorsitters. Die komitee adviseer die nasionale raad oor strategiese kwessies.
IKT-komitee	Die IKT-komitee vorm deel van die beheerstrukture van die nasionale raad van FEDSAS en adviseer die nasionale raad oor alle aangeleenthede rakende inligting, kommunikasie en tegnologie. Die voorsitter en lede van die komitee word deur die nasionale raad aangestel.

Besoek die FEDSAS-webtuiste by [www.fedsas.org.za](http://www.fedsas.org.za) vir inligting oor provinsiale rade en FEDSAS se personeel in elke provinsie.

# Beheerstrukture


## FEDSAS Nasionale

### Uitvoerende Hoof



e Raad

f



# STRATEGIESE EN TOEKOMSGERIGTE BEPLANNING

## DIE FEDSAS-BLOUDRUK

Die bloudruk spits ál FEDSAS se aksies op die organisasie se visie toe: Die behoud en bevordering van onderwys van gehalte in alle skole in die Republiek van Suid-Afrika. Dit skenk aandag aan sistemiese aangeleenthede en verandering om 'n blywende invloed en uitwerking op die onderwysstelsel te hê. Dit bied 'n meetinstrument vir die regering se vordering, verantwoordelikheid en verantwoordbaarheid, en voorsien data sodat ons as fluitjieblaser en waghond kan optree. Dit dien as 'n kapstok vir ons aksies, planne en projekte om gekoördineerd, stelselmatig en konsekwent na ons visie te kan streef. Baie van die onderwysboustene val buite FEDSAS se direkte beheer en FEDSAS fokus hier dus op die bou van

### Pilaar 1: Leierskap, beheer en bestuur




### Pilaar 2: Personeel



### Pilaar 3: Kommunikasie



### Pilaar 4: Finansiering



goeie verhoudinge, die uitoefen van invloed en druk en openbare meningsvorming om verandering te weeg te bring. Die bloudruk bestaan uit agt pilare wat elkeen vyf boustone het.

FEDSAS se provinsiale bestuurspanne gebruik die bloudruk as 'n meetinstrument om provinsiale onderwysdepartemente se jaarlikse prestasie te evalueer.

Bloudruk-evaluering: 2025									
	WK	VS	MPM	LIM	KZN	GAU	NW	NK	OK
1: Leierskap	58	33	48	42	36	30	51	52	40
2: Personeel	54	34	61	53	14	47	47	55	48
3: Kommunikasie	64	14	49	41	31	47	32	67	45
4: Befondsing	67	34	68	58	11	58	44	44	38
5: Infrastruktuur	59	18	52	46	20	31	33	54	39
6: Verhoudingsbestuur	60	21	61	54	35	40	38	60	47
7: Kurrikulum	56	45	57	40	37	46	53	50	50
8: Sosio-ekonomiese uitkomst	52	19	44	40	33	22	40	58	45
<b>TOTAAL</b>	<b>59%</b>	<b>27%</b>	<b>55%</b>	<b>54%</b>	<b>27%</b>	<b>40%</b>	<b>43%</b>	<b>55%</b>	<b>44%</b>

**Pilaar 5:**  
Infrastruktuur

**Pilaar 6:**  
Vennote en verhoudings

**Pilaar 7:**  
Kurrikulumuitkomst

**Pilaar 8:**  
Sosio-ekonomiese programme



- 1 Minimum infrastruktuur-standaarde vir elke skool
- 2 Ontwikkeling- en instandhoudingsplan in elke provinsie
- 3 Ontwikkeling van volhoubare water- en elektrisiteitsplan vir skole
- 4 Nood- en veiligheidsplanne in skole
- 5 Minimum standaarde vir skooltegnologie



- 1 Positiewe verhoudings tussen drie onderwysvennote (staat, skool en ouers)
- 2 Positiewe verhoudings met gemeenskappe/ gemeenskaps-organisasies
- 3 Betrek gemeenskappe – openbare skole
- 4 Positiewe verhouding met vakbonde en ander beheerliggaam-organisasies
- 5 Waardegedrewe skole



- 1 Integriteit van die stelsel en assessering
- 2 Suksesvolle driestroommodel
- 3 E-leer en vervlegte-leermodelle
- 4 Ontwikkeling van vaardighede wat toegang bied tot werk
- 5 Akademiese vryheid



- 1 Veiligheid van leerders en personeel
- 2 Maatskaplike werkers in skole
- 3 Minimum hulpbronnepakket vir skole/hulp aan gesinne
- 4 Projekte vir voldoende en voedsame voeding
- 5 Toegang tot hulpbronne soos data en datapunte

## Bloudruk-evalueringstotale: 2022-2025

	WK	VS	MPM	LIM	KZN	GAU	NW	NK	OK
2022	60%	24%	35%	48%	15%	35%	45%	47%	45%
2023	57%	18%	56%	43%	15%	59%	41%	59%	44%
2024	55%	25%	54%	43%	16%	42%	40%	56%	43%
2025	59%	27%	55%	54%	27%	40%	43%	55%	44%

## VIER SCENARIO'S VIR ONDERWYS IN SUID-AFRIKA

FEDSAS se Uitvoerende Komitee het vier moontlike scenario's vir onderwys in Suid-Afrika verken om konteks te gee aan strategiese en operasionele beplanning. Die vier scenario's is ontwikkel aan die hand van twee kernveranderlikes, naamlik staatskapasiteit en gemeenskapsbetrokkenheid.

### Hoë gemeenskapsbetrokkenheid



## Gemeenskapsgedrewe vernuwing

FEDSAS het gemeenskapsgedrewe vernuwing as die mees waarskynlike scenario vir 2025-2030 geïdentifiseer. Hierdie aanname berus op 'n oorwig van bewyse van:

- 'n verswakking in staatskapasiteit, insluitend administratiewe agterstand en politieke inmenging;
- sterker skoolbeheerliggame en ouergedrewe beheer;
- informele en gemeenskapsgedrewe tegnologiegebruik;
- beperkte begrotings en onderbefondsing van infrastruktuur; en
- inkonsekwente implementering van nasionale beleid.

## Strategiese implikasies vir FEDSAS

'n Scenario van gemeenskapsgedrewe vernuwing behels die volgende klemverskuiwings vir FEDSAS se strategiese benadering:

- Tree op as nasionale fasiliteerder vir gemeenskapsgedrewe onderwyservorming.
- Ontwikkel en deel skaleerbare modelle van suksesvolle skoolbeheer.
- Vorm nuwe vennootskappe met nie-winsgewende organisasies, kerke, donateurs.
- Verskaf regs- en operasionele leiding aan plaaslike inisiatiewe.
- Gebruik kunsmatige intelligensie en data-instrumente om steun en opleiding te versterk.



Die vier scenario's is ontwikkel aan die hand van twee kernveranderlikes, naamlik staatskapasiteit en gemeenskapsbetrokkenheid.

# WESENLIKE ASPEKTE

Wesenlike aspekte is aangeleenthede en gebeure wat 'n wesentliche effek kan hê op FEDSAS se vermoë om waarde tot die skoolonderwyslandskap toe te voeg. Hoewel hierdie geïntegreerde jaarverslag in geheel verteenwoordigend is van die wesentliche aspekte, met ander woorde daardie aspekte wat as aanduidend beskou word van FEDSAS se impak op die ses kapitale, bied hierdie afdeling 'n oorsig van enkele aangeleenthede van belang vir 2026.

**Wetgewing:** Die implementering van die Wysigingswet op Basiese Onderwyswette (BELA) oorheers steeds veral die wetlike aspekte van basiese onderwys. Dit het 'n wesentliche impak op feitlik alle aspekte van skoolonderrig, asook die funksionering van beheerliggame. Gedurende 2025 het FEDSAS beweeg van 'n organisasie wat kommentaar lewer op BELA tot 'n organisasie wat vorm gee aan die implementering van die wet. FEDSAS dien op sewe taakspanne wat verantwoordelik is vir die implementering van verskeie aspekte van BELA. Terwyl dit aan FEDSAS 'n mate van invloed gee, hou dit ook risiko in vir reputasie. Die oorwig is egter aan die positiewe kant, met FEDSAS wat in 2026 as gerekende rolspeler steeds sy lede op die hoogste vlak verteenwoordig.

**Befondsing van openbare skole:** Talle provinsiale onderwysdepartemente versuim jaar ná jaar om oorbetalings aan skole te maak ingevolge die NNSF. Dit hou 'n wesentliche bedreiging vir toegang tot onderwys in aangesien die meeste openbare skole nie hul verpligtinge sonder hierdie hulpbrontoewysings kan nakom nie. Beheerliggame van openbare skole verteenwoordig die grootste gedeelte van FEDSAS se ledetal en uitdagings met befondsing het uiteindelik ook 'n impak op FEDSAS se werksaamhede. FEDSAS het 'n versoek gerig vir die hersiening van die hele befondingsmodel vir openbare skole, wat die norme en standaarde vir befondsing, vrystellings van die betaling van skoolgeld, die kwintiel-stelsel sowel as die posvoorsieningstelsel insluit.

**Befondsing van FEDSAS-werksaamhede:** Voldoende befondsing om die volle spektrum van dienste waarvoor FEDSAS beskik te kan lewer, bly 'n uitdaging. Suid-Afrika se ekonomiese vooruitsigte is direk afhanklik van internasionale gebeure en hierdie wisselvalligheid het uiteraard ook 'n impak op nuwewinsgewende organisasies se volhoubaarheid.

**Sosio-politieke landskap:** Die 2026- plaaslike regeringsverkiesing sal 'n groot impak hê op skoolgemeenskappe, en daarmee saam FEDSAS se werksaamhede. Onderwys is 'n gewilde politieke speelbal wat veral in die aanloop tot verkiesings deur politieke partye gebruik word om bepaalde ideologiese sienings oor te dra. Munisipaliteite is verantwoordelik vir kritieke infrastruktuur en veilige omgewings wat skole in staat stel om te funksioneer. Verkiesingsuitslae bepaal hoe effektief munisipale dienste soos water, elektrisiteit en sanitasie voorsien word. Die toestand van paaie en openbare vervoer het weer 'n direkte impak op toegang tot skole. Internasionale verwickelinge, veral rondom geopolitieke onstabieleit, speel ook in op wat op nasionale, provinsiale en uiteindelik skoolvlak gebeur.

**Kommunikasie en handelsmerk:** In 'n era van snelle en inligtinggedrewe kommunikasie en beeldbou, is effektiewe en geloofwaardige kommunikasie 'n voortdurende uitdaging. Die FEDSAS-bloudruk is 'n poging om hierdie en ander uitdagings op 'n gefokusde wyse te bestuur.

**Verhoudingsbou:** Die onderwyslandskap in Suid-Afrika is 'n komplekse en in vele opsigte 'n omstrede landskap. Dit verg voortdurende beplande en versigtige voetwerk om relevante en geloofwaardige verhoudings op te bou sodat lede van FEDSAS maksimum voordeel uit verhoudinge en verbintenisse kan trek.



Wesentliche aspekte is aangeleenthede en gebeure wat 'n wesentliche effek kan hê op FEDSAS se vermoë om waarde tot die skoolonderwyslandskap toe te voeg.

# FEDSAS SE KOMPETERENDE LANDSKAP

FEDSAS se organisatoriese en operasionele aktiwiteite vind neerslag in ses fokusareas, naamlik opleiding en steun, bewusmaking, navorsing, fondswerwing en verhoudingsbestuur, asook goeie korporatiewe bestuur. Elke fokusarea het weer 'n direkte of indirekte impak op een of meer van die ses kapitale. Hierdie afdeling bied 'n oorsig oor bepaalde strategiese doelwitte en aktiwiteite vir die jaar, asook hoe hierdie aktiwiteite inwerk op bepaalde kapitale. Risiko's en geleenthede word ook uitgelig.

## FOKUSAREA: OPLEIDING EN STEUN

FEDSAS se primêre fokus is die toerus van skoolbeheerliggame. Dit sluit deurlopende interne opleiding van en steun aan personeel en lidskole in, asook die beskikbaarstelling van opleidingsgeleenthede en steun vir die breër skoolgemeenskap.

### Kapitale

Kapitale wat geraak of gebruik word deur hierdie fokusarea sluit in finansiële en vervaardigde kapitaal wat omskep word in mensekapitaal deur opleiding en ontwikkelingsinisiatiewe. Verbeterde mensekapitaal word weer gebruik om intellektuele kapitaal te verhoog. Skoolbesoeke en reise na opleidingsgeleenthede het 'n invloed op natuurlike kapitaal in terme van FEDSAS se koolstofvoetspoor.

### Spesifieke strategiese doelwitte en aktiwiteite vir 2025 rondom opleiding en steun

#### Regsdienste

##### Aksies onderneem:

- Deur sy betrokkenheid in sewe BELA-taakspanne speel FEDSAS nou 'n bepalende rol in die ontwikkeling en verfyning van die raamwerke wat gaan bepaal hoe die BELA-wetgewing prakties in skole geïmplementeer word, insluitend regulasies rakende toelatings, kapasiteitsbepalings en beheerliggaamverkiesings, asook riglyne oor kulturele, geloof- en tradisionele praktyke en leerderswangerskappe.
- Opdatering van meer as 60 skoolbeheer-hulpbronne en regsmenings om belyning met BELA te verseker.
- FEDSAS is die enigste organisasie wat struktureel intree om die administratiewe ineenstorting van die onderwysstelsel te voorkom. Dit sluit in byna 370 regsbriefe en intervensies namens lede asook die indiening van formele klagte by die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie teen agt van die nege provinsiale onderwysdepartemente.

- Betrokkenheid by rigtinggewende hofsake met implikasies vir hele onderwysstelsel.
- Voortdurende aanpassing van aanlyn-opleidingsprogramme om induksie en voortgesette ontwikkelingsgeleenthede aan beheerliggaamlede te bied. Sessies dek belangrike onderwerpe soos regulatoriese nakoming, beleidsnakoming en leierskap binne 'n skool-opset.
- Voortdurende aanpassing en implementering van instrumente om beheerliggame by te staan.
- Saamstel en aanbied van webinare, insluitend 'n nasionale webinaar om skole by te staan om kommentaar te lewer oor toelatings- en kapasiteitsregulasies.
- Finalisering van SAMRO-ooreenkoms: Bied aan FEDSAS-lede bekostigbare toegang tot musiekgebruik wat buite kurrikulumdoeleindes val.



Hierdie afdeling bied 'n oorsig oor bepaalde strategiese doelwitte en aktiwiteite vir die jaar.

## FEDSAS na Menseregtekommissie oor sistemiese mislukkings in openbare onderwys

Die meeste provinsiale onderwysdepartemente voer hul pligte met soveel nalatigheid en laksheid uit dat dit 'n direkte skending van kinders se basiese regte is. Hierdie patroon van voortdurende sistemiese mislukking in agt van die nege provinsiale onderwysdepartemente het FEDSAS met geen ander keuse gelaat nie as om in Junie 2025 klagtes by die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie in te dien. Die enigste uitsondering was die Vrystaat-onderwysdepartement.

“Daar is geen tweede kans vir hierdie leerders nie. Elke verlore skooldag is 'n grondwetlike mislukking met dikwels lewenslange gevolge,” sê dr. Juané van der Merwe-Mocke, adjunkhoof en hoof van regsdiens by FEDSAS. “Ons praat nie hier van geïsoleerde voorvalle of die gevolge van tydelike administratiewe uitdagings nie. Hierdie onderwysdepartemente kom lankal nie meer hul grondwetlike en operasionele verantwoordelikhede na nie.”

Die klagtes verwys onder meer na vakante poste wat nie gevul word nie en die wanbetaling van die wetlik verpligte oordraggelde aan skole, hetsy deur vertragings, gedeeltelike betalings of geen betalings. Al hierdie mislukkings dra by tot groter ongelykheid tussen openbare skole, met ryker skole wat toegang het tot meer hulpbronne om van hierdie uitdagings tot 'n mate die hoof te bied terwyl arm skole totaal afhanklik van die provinsiale onderwysdepartemente is.

FEDSAS voer aan dat hierdie kollektiewe mislukkings grondwetlike regte skend, insluitend die beste belang van die kind (artikel 28(2)), menswaardigheid (artikel 10), basiese onderwys (artikel 29(1)(a)), die reg op voeding en noodsaaklike maatskaplike steun (artikel 27(1)(b)) en die reg op gelykheid (artikel 9).

“Die reg op basiese onderwys is nie 'n ideaal om na te strewen nie. Die Grondwet bepaal dat hierdie reg onvoorwaardelik en onmiddellik afdwingbaar is. Die Staat mag nie toegang tot onderwysers, infrastruktuur of operasionele fondse rantsoeneer weens interne wanfunksionering nie. Burokratiese rompslomp ontnem kinders van hul toekoms,” sê *Van der Merwe-Mocke*.

FEDSAS het die klagtes ingedien as deel van die organisasie se mandaat as spreekbuis vir sy lede maar ook as 'n oproep tot verantwoordbaarheid ter verdediging van Suid-Afrika se kinders. Sedert die klagtes gelê is, het die MRK egter weinig vordering gemaak. Slegs enkele provinsies het formeel bevestig dat ondersoek geopen is. Ander het geen beduidende terugvoer gelewer het nie, ondanks herhaalde navrae.

Van der Merwe-Mocke sê die reaksie van die MRK is nie in pas met die dringendheid van die krisis nie. “Artikel 184 van die Grondwet verplig die MRK om jaarliks van staatsorgane inligting te eis oor die maatreëls wat hulle getref het ter verwesenliking van die regte in die Handves van Regte. Onderwys word hier by die naam genoem.” FEDSAS het sedertdien aan die uitvoerende hoof van die MRK geskryf om dringende nasionale ingryping te versoek, en die aangeleentheid bly op die agenda vir 2026.

## **FEDSAS Sentrum vir Tegnologie en Sentrum vir Finansies en Risikobestuur**

FEDSAS se Sentrum vir Finansies en Risikobestuur plaas 'n kollig op die volhoubaarheid van skole terwyl die Sentrum vir Tegnologie fokus op die relevansie van skole in die 21ste eeu.

### **Aksies onderneem:**

- Vestiging van die FEDSAS Onderwyswerkgewers-organisasie as 'n afdeling van FEDSAS.
- Vyf ETDP Seta-internskappe vir 'n periode van 24 maande.
- Uitbreiding van FEDSAS se e-leer-platform wat aan skoolbeheerliggame, ouers en personeel toegang tot aanlyn-kursusse en materiaal bied om hulle beter toe te rus vir die uitdagings van skoolbeheer en -bestuur.
- Ontwikkeling en bemaking van nasionale en provinsiale webinarre.
- Onderwysfinansies: twee konferensies vir opleiding en ontwikkeling van finansiespersoneel by skole (205 deelnemers en 17 uitstallers).
- Drie aanlyn-opleidingsessies in samewerking met SAOU: "finansies vir nie-finansiële mense".
- Woon die onderwystegnologie-ekspo GESS Dubai by om op hoogte te bly van nuwe verwickelinge rakende onderwystegnologie.
- Model vir kwytskelding van skoolfonds: Voorlegging van FEDSAS-model op eerste vergadering met departement van basiese onderwys.

## **Personeelopleiding**

### **Aksies onderneem:**

- Deurlopende ontwikkeling van personeel tydens drie personeelberade.
- Deurlopende opleiding vir administratiewe personeel.
- Induksie van nuwe personeel oor driemaande-periode.
- Dinkdag-Dinsdag-sessies.
- Twee personeellede voltooi die Future Fit Leadership-program, 'n program wat oor 'n periode van tien maande op verskillende aspekte van leierskap fokus.

## **Spesifieke opleiding vir en ondersteuning aan skoolbeheerliggame**

### **Aksies onderneem:**

- Induksie vir SBL-lede: 55 skole; 454 deelnemers
- Opvolg-opleiding: 7 767 deelnemers
- Brandpuntvergaderings: 1 549 sessies; 4 582 deelnemers
- Opleiding aan onafhanklike skole: 382 skole; 876 deelnemers
- Aanlyn-opleiding nasionaal: 13 sessies; 4 492 deelnemers
- Aanlyn-opleiding provinsiaal: 23 sessies; 2 609 deelnemers
- Opleiding aan VRL-lede: 823 leerders; 78 skole
- Skoolbesoeke: 10 266 sessies (sommige skole word verskeie kere besoek)
- Webinarre: 37 in totaal (27 opleidingsessies vir beheerliggame en 10 ander sessies), bereik totaal van 4 359 deelnemers vir 'n totaal van 2 220 opleidingsure.

## Risiko's en geleenthede

Opleidingsgeleenthede is onderworpe aan lede se veranderende behoeftes en verwagtinge. Kursusse en opleidingsmateriaal, asook hoe opleiding aangebied word, moet dus in pas bly met die veranderende omgewing. FEDSAS se aanlyn-aanbod brei steeds uit en inligting is toeganklik oor verskeie platforms heen.

FEDSAS is 'n bedryfsleier in terme van die geleenthede wat die virtuele omgewing bied. Die langtermyn-belegging in mensekapitaal lewer goeie dividende. Tesame hiermee is dit ook 'n belegging in intellektuele kapitaal, veral wat innovasie en toekomstige sukses betref.

Optimale benutting van beskikbare tegnologie en die gebruik van tuiskantore het tot gevolg dat FEDSAS veel met min materiële hulpbronne kan vermag.

Risiko's kan egter nie buite rekening gelaat word nie. Suid-Afrika se internet-infrastruktuur en veral die koste van internettoegang bly 'n uitdaging. As vervaardigde kapitaal maak FEDSAS hier staat op eksterne infrastruktuur. Hoewel die organisasie tegnologie so effektief as moontlik benut, is gebrekkige internettoegang, beskikbare hardeware en die koste hieraan verbonde, asook die verskillende vlakke van gebruikersvaardighede 'n wesentliche risiko vir toegang tot opleiding.

Die derduisende kilometers wat afgelê word vir vergaderings, opleiding en skoolbesoeke het uiteraard 'n negatiewe impak op natuurlike kapitaal. FEDSAS se aanlyn-aanbod verreken tot 'n mate die impak op natuurlike kapitaal. Die aanlyn-formaat bied voordele in terme van finansiële sowel as tydsbesparings. Teen 'n gemiddelde reistyd van 90 minute na en van 'n opleidingsessie in persoon is byna 6 500 ure se reistyd bespaar met die 37 aanlyn-opleidingsessies gedurende 2025. Teen 'n gemiddelde reiskoste van R476 per deelnemer ( $\pm 100\text{km} \times R4,76$ ), is meer as R2 miljoen in reiskoste voorkom.

Die webinarre het potensiaal as 'n bykomende inkomstestroom. Terwyl FEDSAS-lede sessies gratis bywoon, is daar in 2025 'n koste van R400 per persoon per sessie vir nie-lede gehef. Deelname deur nie-lede bly egter laag en die invordering van betalings is 'n deurlopende uitdaging. Nuwe registrasie- en betalingsopsies word ondersoek om deelname makliker en meer toeganklik te maak. 'n Verhoging in die betrokkenheid van nie-lede sal nie net die inkomste uit webinarre verhoog nie maar dien ook as 'n kontakpunt vir die bekendstelling van FEDSAS se dienste, wat geleenthede skep om FEDSAS se ledetal te verhoog.

## FOKUSAREA: BEWUSMAKING

Bewusmaking fokus onder meer op die werksaamhede van FEDSAS, bewusmaking van die magte en regte van skoolbeheerliggame soos omskryf in die Skolewet en verwante wetgewing, asook bewusmaking rondom bepaalde projekte gedurende spesifieke periodes.

### Kapitale

Kapitale wat geraak of gebruik word deur hierdie fokusarea sluit in sosiale en verhoudingskapitaal deur die versterking van die FEDSAS-handelsmerk, intellektuele kapitaal en mensekapitaal

## **Spesifieke strategiese doelwitte vir 2025 rondom bewusmaking:**

### **Media-inligting oor matriek-eindeksamen**

- FEDSAS koördineer alle inligting wat aan die media verskaf word oor hoofstroom-matriekvakke wat geskryf word, hoe dit ervaar word deur leerders en kommentaar van opvoeders. Die berigte verskyn in koerante en op nuusplatforms vir die duur van die eksamen.

### **Groei van FEDSAS se sosiale media-voetspoor**

#### **Aksies onderneem:**

- Facebook-volgeling: 16 000
- Instagram-volgeling: 1 429

### **Algemene bewusmaking: tradisionele media**

#### **Aksies onderneem:**

- Uitstuur van mediaverklarings oor 'n verskeidenheid onderwerpe, sommige gefokus op FEDSAS-aktiwiteite en ander as meningsvormer
- 28 mediaverklarings vir die tydperk 1 Januarie 2025 tot 31 Desember 2025

### **Algemene bewusmaking: webtuiste**

#### **Aksies onderneem:**

- Voortdurende verbetering van aanlyn-ervaring ([www.fedsas.org.za](http://www.fedsas.org.za))
- gemiddelde besoektyd van 3 minute en 21 sekondes
- unieke gebruikers: 34 744

### **Algemene bewusmaking: nuusbriewe**

#### **Aksies onderneem:**

- Nasionaal: 16 nuusbriewe
- FEDSAS Vandag: tweeweklikse interne nuusbriewe
- FEDSAS Communique: weeklikse personeelkommunikasie
- Saamstel van handleiding vir konsekwente toepassing en ontwikkeling van FEDSAS se korporatiewe identiteit.

### **Algemene bewusmaking: e-tydskrifte**

#### **Aksies onderneem:**

- Publikasie van e-tydskrifte digiTaal en RandSake

### **Spesifieke bewusmaking: Wêreldonderwysersdag**

#### **Aksies onderneem:**

- Mediaverklarings, veldtog op sosiale media: video's van bekendes oor hul skooldae en gunsteling-onderwysers skep hoë betrokkenheid op sosiale media met byna 1 000 nuwe volgeling op Facebook.

### **Spesifieke bewusmaking: Kunsmatige intelligensie in onderwys**

- FEDSAS-personeel neem deel aan paneelbesprekings by Aardklop-kunste fees en Woordfees.

### **Spesifieke bewusmaking: Fluitjieblaser en waghond**

- FEDSAS vereer met die organisasie Public Interest SA se Kampioenfluitjieblaser-toekenning.

## **FEDSAS vereer met fluitjieblaser-toekenning**

FEDSAS is in Oktober 2025 vereer met die organisasie Public Interest SA se Kampioenfluitjieblaser-toekenning. Dit het gevolg nadat FEDSAS uitgewys het dat daar in die middel van die 2025-skooljaar steeds meer as 29 000 vakante opvoederposte was ten spyte daarvan dat die geld hiervoor toe reeds lankal aan provinsiale onderwysdepartemente oorbetaal is.

Public Interest SA het FEDSAS erken as “vasberade kampvegter vir leerders se grondwetlike regte” en genoem dat FEDSAS as beginselvaste fluitjieblaser namens skole en gemeenskappe optree deur sistemiese tekortkominge in die onderwyssektor uit te wys en sodoende die integriteit van die onderwysstelsel versterk.

“Hierdie toekenning behoort aan die hele FEDSAS-span en aan elke persoon wat glo dat die waarheid en integriteit saak maak, veral waar dit ons kinders se toekoms raak,” sê dr. Jaco Deacon, uitvoerende hoof van FEDSAS. Deacon sê een van die unies het opgemerk dat FEDSAS bloot inligting gebruik het wat reeds beskikbaar was. “My reaksie was eenvoudig net die woorde van dr. Albert Szent-Györgyi: ‘Innovation is seeing what everybody has seen and thinking what nobody has thought.’”

FEDSAS se toonaangewende “Onderwys in Syfers”-verslag, gebaseer op beskikbare data van die Departement van Basiese Onderwys van 2009-2024, dui daarop dat daar sedert 2009 byna 960 000 meer leerders in die onderwysstelsel is. Terselfdertyd het die aantal opvoeders wat deur die staat befonds word, met net minder as 5500 gestyg. Met ander woorde vir elke bykomende 175 leerders is daar maar een bykomende onderwyspos geskep.

“Terwyl die voorsiening van onderwysposte reeds hopeloos te kort skiet, dobbel provinsiale onderwysdepartemente met kinders se toekoms deur nie die beskikbare poste te vul nie. Daarom het FEDSAS doelbewus hierdie geveg na die departement basiese onderwys, die Mensregtekommissie en die media geneem.”



## Risiko's en geleenthede

Bewusmaking verg 'n fyn balans tussen die bemerking van die organisasie en sy projekte en die sosiale kontrak wat 'n organisasie sonder winsbejag met die samelewing het om uitdrukking te gee aan die waarde wat die organisasie toevoeg ingevolge sy visie en missie. Diepte-kennis van die onderwysomgewing en veral regs-kennis van die magte en regte van skoolbeheerliggame soos omskryf in die Skolewet en ander relevante wetgewing is noodsaaklik vir FEDSAS se personeel. Bewusmaking van die rol van skoolbeheerliggame in openbare skole strek egter verder as die amptelike lede en hier het FEDSAS ook 'n plig om die algemene publiek op te voed en in te lig.

Risiko's in hierdie area sluit in dat sosiale en verhoudingskapitaal gebruik moet word om die organisasie se werksaamhede te groei, maar dat FEDSAS terselfdertyd ook sosiale en verhoudingskapitaal as hulpbron van die organisasie moet groei. Hierdie gee-en-neem-verhouding verg 'n gesonde balans sodat sosiale en verhoudingskapitaal as 'n hulpbron nie uitgeput word nie.

Voortdurende tegnologiese vooruitgang beteken dat die organisasie ook aan die voorpunt van verwickelinge moet bly in terme van die digitale ruimte. Die FEDSAS-webtuiste word voortdurend uitgebrei. Hoewel 'n uitgawe in terme van finansiële kapitaal, stel die webtuiste FEDSAS in staat om die organisasie se storie van waardeskepping te vertel terwyl dit terselfdertyd ook toegang tot die organisasie se intellektuele kapitaal verbeter.

Die uitdaging om relevant te bly is 'n risiko sowel as 'n geleentheid. Openbare persepsie van FEDSAS en die organisasie se aktiwiteite speel direk in op fondswerwing en die werwing van nuwe lede. FEDSAS het dus deurlopend die geleentheid om as meningsvormer te ontwikkel deur gebalanseerde deelname aan openbare gesprekke, hetsy positief, negatief of neutraal.

## FOKUSAREA: NAVORSING

FEDSAS se toegewyde span onderwysreg-spesialiste doen voortdurend navorsing oor beleidsontwikkeling, regulasies en ander aspekte van wetgewing wat skoolbeheerliggame raak.

### Kapitale

Kapitale wat geraak of gebruik word deur hierdie fokusarea sluit in 'n verhoging in intellektuele kapitaal en sosiale en verhoudingskapitaal.

### Spesifieke strategiese doelwitte vir 2025 rondom navorsing:

#### Aksies onderneem:

- Deurlopende navorsing vir spesifieke regsaksies en hofsake waarby FEDSAS namens sy lede betrokke is.
- Opsomming van openbare kommentaar beskikbaar op FEDSAS-webtuiste.
- FEDSAS-personeel is ingesluit in die skryfspan van 'n nuwe boek oor die Suid-Afrikaanse onderwyslandskap.
- Alle lede van FEDSAS-regspan lewer referate by die jaarlikse kongres van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Onderwysreg.
- Opdatering van die toonaangewende Onderwys in Syfers-verslag met 2024-data.

## Risiko's en geleenthede

Enige regsaksie hou verskeie risiko's in, gegewe veral die finansiële koste en die risiko vir die organisasie se reputasie. FEDSAS sien regsaksie as 'n laaste uitweg en maak eerder staat op die organisasie se invloed in verskeie strukture in die onderwyssektor (sosiale en verhoudingskapitaal), insluitend met die regering, om geskille te besleg of in 'n poging om toe te sien dat daar korrek uiting gegee word aan statutêre bepalings en pligte. Die inherente risiko aan regsaksie kan egter nooit buite rekening gelaat word nie.

Nuwe wetgewing en beleid en ook rigtinggewende hofuitsprake bied volop geleentheid vir FEDSAS om intellektuele kapitaal te verhoog deur ontwikkeling van regsmenings, beleid, publikasies en opleidingsmateriaal. Dit bied egter ook geleentheid vir FEDSAS om sy regskennis en ervaring te gebruik om leiding te bied aan skoolbeheerliggame en ander rolspelers, insluitend onderwysdepartemente, om hierdie nuwe omgewing te navigeer.

## FOKUSAREA: GROEI LEDETAL

FEDSAS se ledetal op 31 Desember 2025 staan op 2036. Met 22 259 openbare skole in Suid-Afrika is daar groot potensiaal vir die groei van FEDSAS se ledetal. FEDSAS se uitbreiding na onafhanklike skole bied ook ruimte vir groei, met 154 onafhanklike skole reeds lid van FEDSAS. Daar is 2 507 onafhanklike skole in Suid-Afrika, wat ook hier geleenthede vir groei bied.

## Kapitale

Kapitale wat geraak of gebruik word deur hierdie fokusarea sluit in 'n verhoging in finansiële kapitaal, mensekapitaal en sosiale en verhoudingskapitaal.

## Spesifieke strategiese doelwitte vir 2025 rondom die groei van ledetal:

### Aksies onderneem:

- Uitbreiding van FEDSAS-dienste na onafhanklike skole met aanbod van twee mini-berade in Gauteng en die Wes-Kaap.
- Drie suksesvolle vergaderings is gedurende die jaar deur die adviesraad vir onafhanklike skole gehou asook 'n vergadering met NAISA om moontlike toekomstige samewerking te bespreek. NAISA is die formele alliansie van assosiasies van onafhanklike skole en verteenwoordig ongeveer 1 500 onafhanklike skole.
- Werwing van lede deur middel van algemene opleidingsgeleenthede en webinare waartoe nie-lede ook toegang het.
- Spesiale werwingsprojek onder kwintiel 1-3-skole: 60 nuwe lede.
- Opvolg van verwysings van bestaande lede.
- Produk "FEDSAS in 'n boks" gratis vir nuwe lede wat aansluit.
- Invordering van lidmaatskapfooie.
- Kortingsproses vir skole wat nie volle lidmaatskapfooie kan bybring nie.

## Risiko's en geleenthede

FEDSAS se ledetal het 'n direkte invloed op die organisasie se finansiële posisie. Soos blyk uit die finansiële state elders in hierdie verslag, was daar 'n tekort van net meer as R985 000 op die netto ledegeld-begroting.

Met Suid-Afrika se ekonomie onder druk, sukkel sommige lede om lidmaatskapfooie te betaal. In 2025 het 2% minder lede hul lidmaatskapfooie betaal. Die afgelope paar jaar se data wys dat bykans 25% van ledegeld afgeskryf word aan oninbare skuld of korting. Dit noodsaak 'n herbesin oor aanpassings en operasionele praktyke vir 2026.

Hoewel die begrotingstekort 'n impak op finansiële kapitaal het, het versigtige finansiële bestuur oor die jare bygedra tot 'n gesonde reserwe juis om voorsiening te maak vir omstandighede soos dié van 2025.

Ander beheerliggaamorganisasies kompeteer in dieselfde mark as FEDSAS en hou dus ook 'n risiko in. FEDSAS se uitstekende reputasie as leier in skoolbeheer en –bestuur bied egter aan die organisasie voortdurende nuwe geleenthede om sy ledetal te groei. Die uitbreiding van FEDSAS se dienste na onafhanklike skole het ook 'n nuwe mark ontsluit. Die stigting van twee nuwe adviesrade in 2025 vir onafhanklike skole en geen-fooie-skole doen reeds baie om die fokusarea versterk.

## FOKUSAREA: FONDSWERWING, VERHOUDINGSBESTUUR EN SPREEKBUIS VIR BEHEERLIGGAME

FEDSAS is 'n organisasie sonder winsbejag en is dus, benewens die ledegeld van lede, van eksterne bronne vir inkomste afhanklik.

### Kapitale

Kapitale wat geraak of gebruik word deur hierdie fokusarea sluit in 'n verhoging in finansiële kapitaal, asook sosiale en verhoudingskapitaal.

### Spesifieke strategiese doelwitte vir 2025 rondom fondswerwing en verhoudingsbestuur:

#### Aksies onderneem:

- Kwartaallikse vergaderings tussen Minister van Basiese Onderwys en FEDSAS se uitvoerende hoof.
- Ooreenkoms oor werkswyse van skakeling tussen die minister se kantoor en FEDSAS.
- Verskeie vergaderings met departement van basiese onderwys bykomend tot geskeduleerde vergaderings van die Nasionale Raadplegende Forum.
- Deelname aan National Teaching Awards en nasionale prysuitdelingsfunksie.
- Versterking van strategiese verhouding en samewerking met Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU) op provinsiale en nasionale vlak.
- Deurlopende vergaderings en formele en informele ontmoetings met onderwysrolspelers, insluitend politieke leierskap, ten einde FEDSAS se rol as meningsvormer gestand te doen en om gesonde, proaktiewe verhoudings met rolspelers te bou.
- FEDSAS is teenwoordig by alle departementele vergaderings wat direk betrekking het op die rol en funksies van beheerliggame.

- Gereelde skakeling met provinsiale onderwysdepartemente, as verteenwoordiger van lede, maar ook as onderwysvennoot.
- Vergaderings van provinsiale raadplegende forums: 21 sessies; 329 deelnemers
- Vergaderings met provinsiale onderwysamptenare: 244 sessies; 17 202 deelnemers
- Bemiddeling van ernstige konfliktsituasies tussen beheerliggame en skoolhoofde/onderwysers en/of onderwysdepartemente
- Die FEDSAS-regspan speel 'n integrale rol in samewerking en vennootskappe met rolspelers en professionele geleenthede. Die span het met die SAOU gekonsulteer om regs- en beleidsposisies in lyn met BELA-regulasies te bring en deelgeneem aan verskeie konferensies vir skoolhoofde en skoolbeheer. FEDSAS se regspan het die organisasie verteenwoordig op die Nasionale Onderwysamewerkingstrust (NECT) se Minister-Burgerlike Samelewing-forum en het direk reageer op die minister se verslag oor nasionale onderwysaangeleenthede. Voorleggings oor BELA en risikobestuur is gedoen aan NAPTOSA, die SAOU en onafhanklike skole, asook by finansiële en skoolbeheer-werksessies oor Artikel 38A en fiskale verantwoordbaarheid.
- Nasionale Dialoog: FEDSAS is genomineer as lid van die bestuurskomitee van die Nasionale Dialoog.
- Twee aanlyn-vergaderings met sekretaris-generaal van European Federation of Education Employers (EFEE) oor die ontwikkeling van 'n raamwerk vir samewerking met die doel om invloed uit te oefen op internasionale beleidsontwikkeling. Die Education Employers International Partnership is reeds formeel deur die EFEE gevorm, en FEDSAS het as lid aangesluit. Dit is die voorloper tot die vestiging van 'n wêreldorganisasie vir skoolbeheerliggame en onderwyswerkgewers.

## Risiko's en geleenthede

As organisasie sonder winsbejag is FEDSAS afhanklik van strategiese vennootskappe, veral met betrekking tot finansiële steun. Ekonomiese uitdagings bring mee dat die beskikbare fondse vir donasies en borgskappe beduidend kleiner word. Dit hou 'n bedreiging vir finansiële volhoubaarheid in en is 'n risiko wat aktief bestuur moet word deur middel van onder meer interne kostebesparingsmaatreëls, asook die identifisering en ontginning van nuwe bronne van inkomste.

Die bestuur van verhoudings met eksterne belanghebbendes, veral donateurs en borge, is kernbelangrik vir die organisasie se toekoms. Ander noodsaaklike verhoudings wat ten alle koste beskerm en uitgebrei moet word, is FEDSAS se verhouding met die departement van basiese onderwys, asook die provinsiale onderwysdepartemente. FEDSAS het homself oor die jare as 'n onderwysvennoot van die regering gevestig. Hierdie verhouding maak dit moontlik vir die organisasie om soms uitdagende situasies tussen skoolbeheerliggame en onderwysdepartemente te fasiliteer. Hoewel hierdie verhouding geleentheid skep vir die groei van FEDSAS se reputasie en ledetal, moet dit noukeurig bestuur word aangesien skade aan die verhouding, of enige persepsie van 'n verlies aan neutraliteit, groot risiko kan inhou, veral vir FEDSAS se reputasie.

## FOKUSAREA: GOEIE KORPORATIEWE BESTUUR

FEDSAS is verbind tot goeie korporatiewe bestuur en die daarstel van strukture wat die beste moontlike omgewing skep vir die uitvoer van die organisasie se take.

## Kapitale

Kapitale wat geraak of gebruik word deur hierdie fokusarea sluit in mensekapitaal en sosiale en verhoudingskapitaal.

### Spesifieke strategiese doelwitte vir 2025 rondom goeie korporatiewe bestuur:

#### Aksies onderneem:

- Inkorporering van aangepaste beginsels van die King V-verslag oor goeie korporatiewe bestuur en beheer vir Suid-Afrika, 2025, as brondokument vir goeie korporatiewe bestuur. King V bou voort op dieselfde vier beheer- en bestuur-uitkomstes waarop FEDSAS se geïntegreerde verslagdoening en verslae van die uitvoerende hoof berus: etiese kultuur, goeie prestasie, effektiewer beheer en legitimiteit.
- King V koppel geïntegreerde verslagdoening aan 'n geïntegreerde denkwys, met ander woorde die leierskap se vermoë om te besin oor die interafhanklikheid tussen finansiële, sosiale, mense, intellektuele en natuurlike hulpbronne. Vir FEDSAS vind dit gestalte in die gebruik van die Ses Kapitale-raamwerk soos reeds toegepas in die organisasie se verslagdoening.
- Voortgesette implementering van die FEDSAS-bloudruk wat binne die raamwerk van die King V-verslag rigting gee aan FEDSAS se aktiwiteite en terselfdertyd 'n visie verskaf vir verantwoordbare onderwys in Suid-Afrika.
- Gereelde selfevaluering en opleidingsprogramme om FEDSAS se verbintenis tot 'n etiese kultuur te evalueer, die organisasie se waardes en missie te versterk en belyning op alle vlakke te verseker.
- In lyn met King V se klem op goeie prestasie, het FEDSAS vergelykende ontledings in sleutelareas geïmplementeer om vooruitgang jaar-tot-jaar te evalueer. Hierdie benadering bied 'n duideliker beeld van FEDSAS se impak, onthul tendense, verbeteringe asook areas wat fokus benodig.
- Deurlopende prestasie-evaluerings ondersteun deur prestasiemaatstawwe en terugvoerlusse ten einde effektief op die ontwikkelende behoeftes van belanghebbendes te reageer.
- Deurlopende risikobestuur om sodoende potensiële risiko's vir FEDSAS en sy lede te identifiseer en te monitor. Deur hierdie risiko's voortdurend te evalueer, verseker FEDSAS dat sowel onmiddellike uitdagings as potensiële risiko's pro-aktief bestuur word. Insigte ten opsigte van risiko-evaluasies word deurlopend met komitees en die Nasionale Raad gedeel.
- Uitvoerende Komitee vergader twee keer per maand en hou 'n jaarlikse strategiese beraad.

#### Risiko's en geleenthede

Die toepassing van die beginsels van goeie korporatiewe bestuur hou aan die een kant die risiko in dat dit gesien kan word as die blote voldoening aan minimum-wetsvereistes. Aan die anderkant bied dit egter die geleentheid vir die skep van 'n omgewing – intern sowel as ekstern – waar waardes eerder as reëls optrede en aktiwiteite rig. Wat goeie korporatiewe bestuur betref, is FEDSAS in die unieke posisie dat die organisasie die beginsels aan lede kan oordra deur middel van voorbeeld (lede se kontak met FEDSAS as organisasie gekenmerk deur goeie korporatiewe bestuur) en opleiding (kursusse, opleidingsmateriaal, beleid en ander instrumente beskikbaar aan beheerliggame) – 'n geval van “practise what you preach”. FEDSAS se ervaring stel die organisasie dus in staat om lede effektief toe te rus wanneer hulle voor dieselfde uitdagings te staan kom.

# OORSIG: FINANSIËLE STATE

## ALGEMENE INLIGTING

### Tydperk

Hierdie afdeling bied 'n oorsig oor die finansiële posisie van FEDSAS vir die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2025.

### Bestuur se verantwoordelikheid en goedkeuring

Hierdie finansiële state is ooreenkomstig die Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings en die South African Statements of Generally Accepted Practice opgestel en is gegrond op toepaslike rekeningkundige beleid wat konsekwent toegepas is en deur redelike en verstandige oordeel en ramings ondersteun is. Op grond van inligting en verduidelikings wat deur die bestuur van FEDSAS verskaf is, is die Raad van mening dat die interne beheerstelsels redelike sekerheid bied dat daar vir die opstel van die finansiële state op die finansiële rekords gesteun kan word. Enige interne stelsels vir finansiële beheer kan egter slegs redelike, en nie absolute versekering nie, teen enige wesenlike wanverklaring of verlies bied. FEDSAS se bestuur het die organisasie se kontantvloeiwoorspelling vir die jaar tot 31 Desember 2025 nagesien en is in die lig van die nasiening en die huidige finansiële posisie oortuig dat die beheerliggaam toereikend middele het of toegang tot toereikende middele het om sy bedrywighede vir die voorsienbare toekoms voort te sit.

## Ouditeure

### Core Audit Incorporated Auditor

Geoktrooieerde Rekenmeesters/Chartered Accountants

Geregistreerde Ouditeur / Registered Auditor

## **FEDERASIE VAN BEHEERLIGGAME VAN SUID AFRIKAANSE SKOLE (FEDSAS)**

**(Registrasienuommer: NPO 128-598)**

**FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEËINDIG  
31 DESEMBER 2025**

## **FEDERATION OF GOVERNING BODIES OF SOUTH AFRICAN SCHOOLS (FEDSAS)**

**(Registration number NPO 128-598)**

**ANNUAL FINANCIAL STATEMENTS  
FOR THE YEAR ENDED 31 DECEMBER 2025**

**FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31  
DESEMBER 2025**

**FINANCIAL STATEMENTS FOR THE YEAR ENDED 31  
DECEMBER 2025**

**ALGEMENE INLIGTING**

**GENERAL INFORMATION**

<b>Land van inkorporasie en domisilie</b>	Suid-Afrika / South Africa	<b>Country of incorporation and domicile</b>
<b>Aard van besigheid en hoofaktiwiteite</b>	Federasie van Skoolbeheerliggame / Federation of School Governing Bodies	<b>Nature of business and principal activities</b>
<b>Raadslede</b>	Dr S Mellors (Voorsitter)/(Chairperson) Dr HJ Deacon (HUB)/(CEO)	<b>Board members</b>
<b>Posadres</b>	Posbus / PO Box 31963 Fichardt Park Bloemfontein 9317	<b>Postal address</b>
<b>Bankier</b>	ABSA Bank Beperk/Limited	<b>Bankers</b>
<b>Ouditeur</b>	Core Audit Incorporated Geregistreerde Ouditeure / Registered Auditors	<b>Auditor</b>
<b>Organisasie registrasiensnommer</b>	NPO 128-598	<b>Organisation registration number</b>
<b>Belastingverwysingsnommer</b>	9754360163	<b>Tax reference number</b>
<b>BTW verwysingsnommer</b>	4790279584	<b>VAT reference number</b>
<b>Vlak van gerusstelling</b>	Hierdie finansiële state is geoudit in ooreenstemming met die toepaslike vereistes van die Grondwet van die Nasionale Raad. / These annual financial statements have been audited in compliance with the applicable requirements of the Constitution of the National Council.	<b>Level of assurance</b>
<b>Kompileerder</b>	Hierdie finansiële state is onafhanklik opgestel onder die toesig van Me H Scorrano GR (S.A.) / The annual financial statements were independently compiled under the supervision of Me H Scorrano CA (SA)	<b>Preparer</b>

**FEDSAS**  
**(Registrasienuommer: NPO 128-598)**

**FEDSAS**  
**(Registration number: NPO 128-598)**

**FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEËINDIG**  
**31 DESEMBER 2025**

**FINANCIAL STATEMENTS FOR THE YEAR ENDED**  
**31 DECEMBER 2025**

Die verslae en state soos vervat in die dokument verteenwoordig die finansiële state wat aan die raadslede voorgelê is:

The reports and statements set out below comprise the annual financial statements presented to the board members:

<u>Inhoud</u>	<u>Bladsv/Page</u>	<u>Contents</u>
Lede se Verantwoordelikheid en Goedkeuring	4-5	Members' Responsibilities and Approval
Onafhanklike Ouditeursverslag	6-8	Independent Auditor's Report
Verslag van praktisyn	9	Practitioner's Compilation Report
Lede se Verslag	10-11	Members' Report
Staat van Finansiële Posisie	12	Statement of Financial Position
Staat van Omvattende Inkomste	13	Statement of Comprehensive Income
Staat van Verandering in Ekwiteit	14	Statement of Changes in Equity
Staat van Kontantvloei	15	Statement of Cash Flow
Rekeningkundige Beleide	16-22	Accounting Policies
Aantekeninge tot die Finansiële State	23-29	Notes to the Financial Statements
Die volgende addisionele inligting maak nie deel uit van die Finansiële State nie en is nie geoudit nie: Gedetailleerde Inkomstestaat	30-31	The following supplementary information does not form part of the Annual Financial Statements and is unaudited: Detailed Income Statement

**Vlak van gerusstelling**

**Level of assurance**

Hierdie finansiële state is geoudit in ooreenstemming met die toepaslike vereistes van die Grondwet van die Nasionale Raad.

These annual financial statements have been audited in compliance with the applicable requirements of the Constitution of the National Council.

**FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEËINDIG  
31 DESEMBER 2025****FINANCIAL STATEMENTS FOR THE YEAR ENDED  
31 DECEMBER 2025****LEDE SE VERANTWOORDELIKHEDE EN GOEDKEURING**

Die grondwet bepaal dat die lede omvattende rekeningkundige rekords moet handhaaf en verantwoordelik is vir die inhoud en integriteit van die jaarlikse finansiële state en verwante finansiële inligting wat by die verslag ingesluit word. Dit is hul verantwoordelikheid om te verseker dat die jaarlikse finansiële state 'n redelike weergawe is van die organisasie se sake soos aan die einde van die finansiële jaar asook die finansiële prestasie en kontantvloeï vir die periode, ter voldoening aan die rekenkundige basis soos beskryf in Nota 1. Die eksterne ouditeure is aangestel om 'n onafhanklike mening oor die finansiële state uit te spreek.

Die jaarlikse finansiële state is in ooreenstemming met die vereistes soos omskryf in Nota 1 en is gegrond op toepaslike rekeningkundige beleide wat konsekwent toegepas is en deur redelike en verstandige oordeel en ramings ondersteun is.

Die lede erken dat hulle uiteindelik verantwoordelik is vir die stelsels van interne finansiële beheer wat die organisasie ingestel het en plaas aansienlike klem op die handhawing van streng beheer. Sodat die lede die verantwoordelikhede kan nakom, stel die raad standaarde vir interne beheer wat daarop gerig is om die risiko van foute of verlies op 'n kostedoeltreffende wyse te verklein. Die standaarde sluit in die behoorlike delegasie van verantwoordelikhede binne 'n duidelik gedefinieerde raamwerk, effektiewe rekeningkundige prosedures en toereikende skeiding van pligte om 'n aanvaarbare risikovlak te verseker. Die beheermaatreëls word deur die hele organisasie gemonitor en alle werknemers moet die hoogste etiese standaarde handhaaf om te verseker dat die organisasie se besigheid gedoen word op 'n wyse wat onder alle redelike omstandighede bo verdenking is.

Die organisasie se risikobestuur is gerig op die identifisering, evaluering, bestuur en monitering van alle bekende risiko's in die organisasie. Hoewel die bedryfsrisiko nie heeltemal uitgeskakel kan word nie, probeer die organisasie dit tot 'n minimum beperk deur te verseker dat die toepaslike infrastruktuur-, beheer- en ander stelsels en etiese gedrag volgens voorafbepaalde prosedures en beperkings toegepas word.

**MEMBERS' RESPONSIBILITIES AND APPROVAL**

The members are required by the Constitution of the National Council, to maintain adequate accounting records and are responsible for the content and integrity of the annual financial statements and related financial information included in this report. It is their responsibility to ensure that the annual financial statements fairly present the state of affairs of the organisation as at the end of the financial year and the results of its operations and cash flows for the period then ended, in conformity with the basis of accounting described in Note 1. The external auditor is engaged to express an independent opinion on the annual financial statements.

The annual financial statements are prepared in accordance with the basis of accounting described in Note 1 and are based upon appropriate accounting policies consistently applied and supported by reasonable and prudent judgements and estimates.

The members acknowledge that they are ultimately responsible for the system of internal financial control established by the organisation and place considerable importance on maintaining a strong control environment. To enable the members to meet these responsibilities, the members set standards for internal control aimed at reducing the risk of error or loss in a cost effective manner. The standards include the proper delegation of responsibilities within a clearly defined framework, effective accounting procedures and adequate segregation of duties to ensure an acceptable level of risk. These controls are monitored throughout the organisation and all employees are required to maintain the highest ethical standards in ensuring the organisation's business is conducted in a manner that in all reasonable circumstances is above reproach.

The focus of risk management in the organisation is on identifying, assessing, managing and monitoring all known forms of risk across the organisation. While operating risk cannot be fully eliminated, the organisation endeavours to minimise it by ensuring that appropriate infrastructure, controls, systems and ethical behaviour are applied and managed within predetermined procedures and constraints.

**FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEËINDIG  
31 DESEMBER 2025****LEDE SE VERANTWOORDELIKHEDE EN GOEDKEURING**

Die lede is op grond van inligting en verduidelikings wat bestuur verskaf, van mening dat die interne beheerstelsels redelike sekerheid bied dat daar vir die opstel van die jaarlikse finansiële state op die finansiële rekords gesteun kan word. Enige interne stelsels vir finansiële beheer kan egter slegs redelike, en nie absolute, versekering bied teen enige wesentlike wanvoorstelling of verlies.

Die lede het die organisasie se kontantvloei vooruitskatting vir die jaar geëindig 31 Desember 2026 geëvalueer, en is in die lig hiervan tesame met die huidige finansiële posisie, oortuig dat die organisasie toereikende middele het om sy bedrywighede in die afsienbare toekoms voort te sit.

Die eksterne ouditeur is verantwoordelik vir die onafhanklike audit van die organisasie se jaarlikse finansiële state en om daarvoor verslag te doen. 'n Eksterne audit is uitgevoer op hierdie finansiële state deur die organisasie se eksterne ouditeur en hul verslag word op bladsye 6 tot 8 aangebied.

Die jaarlikse finansiële state wat op bladsye 13 tot 29 uiteengesit word en deur die Nasionale Raad opgestel is, is op 17 Maart 2026 deur die lede goedgekeur en namens hulle onderteken deur:



---

**Dr S Mellors (Voorsitter)/(Chairperon)****FINANCIAL STATEMENTS FOR THE YEAR ENDED  
31 DECEMBER 2025****MEMBERS' RESPONSIBILITIES AND APPROVAL**

The members are of the opinion, based on the information and explanations given by management, that the system of internal control provides reasonable assurance that the financial records may be relied on for the preparation of the annual financial statements. However, any system of internal financial control can provide only reasonable, and not absolute, assurance against material misstatement or loss.

The members have reviewed the organisation's cash flow forecast for the year ended 31 December 2026 and, in the light of this review and the current financial position, they are satisfied that the organisation has, or has access to, adequate resources to continue in operational existence for the foreseeable future.

The external auditor is responsible for independently auditing and reporting on the organisations annual financial statements. The annual financial statements have been examined by the organisations external auditor and their report is presented on pages 6 to 8.

The annual financial statements set out on pages 13 to 29, which have been prepared on the going concern basis, were approved by the National Council on 17 March 2026 and were signed by:



---

**Dr HJ Deacon (HUB)/(CEO)**

## ONAFHANKLIKE OUDITEURSVERSLAG

### Aan die lede van FEDSAS

#### Ouditverslag van die Jaarlikse Finansiële State

##### Mening

Ek het die jaarlikse finansiële state van FEDSAS (die organisasie), soos uiteengesit op bladsy 13 tot 29 geaudit, wat bestaan uit die staat van finansiële posisie soos op 31 Desember 2025, die staat van omvattende inkomste, staat van verandering in ekwiteit en staat van kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, en die aantekeninge, wat bestaan uit 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleide.

Na my mening, is die jaarlikse finansiële state redelik aangebied, in alle wesenlike opsigte, vir die jaar geëindig 31 Desember 2025, in ooreenstemming met die grondslag van rekeningkunde beskryf in Aantekening 1 van die finansiële jaarstate en die vereistes van die Grondwet van die Nasionale Raad.

##### Grondslag vir mening

Ek het die audit ooreenkomstig Internasionale Ouditstandaarde ('ISAs') uitgevoer. My verantwoordelikhede in terme van die standaard word verder beskryf in die Ouditeur se Verantwoordelikhede vir die Oudit van die Jaarlikse Finansiële State-afdeling van my verslag. Ek is onafhanklik van die organisasie in ooreenstemming met die Onafhanklike Regulerende Raad vir Ouditeure (IRBA Kode) en ander onafhanklikheid vereistes toepaslik op die uitvoer van audits van finansiële state in Suid-Afrika. Ek het die ander etiese verantwoordelikhede in ooreenkomstig met die IRBA-kode en in ooreenstemming met ander etiese vereistes van toepassing op die uitvoer van audits in Suid-Afrika vervul. Die IRBA-kode is konsekwent met die ooreenstemmende afdelings van die 'International Ethics Standards Board for Accountants' International Code of Ethics for Professional Accountants' (insluitende Internasionale Onafhanklikheid Standaard) onderskeidelik. Ek glo dat die auditbewyse wat ons verkry het, toereikend en toepaslik is om 'n grondslag vir my auditmening te bied.

##### Beklemtone van aangeleentheid - Grondslag van Rekeningkunde

Ek vestig die aandag op Aantekening 1 van die jaarlikse finansiële state, wat die grondslag van rekeningkunde beskryf. Die finansiële jaarstate word in ooreenstemming met die organisasie se eie rekeningkundige beleid opgestel om die finansiële inligtingsbehoefes van die gebruikers te bevredig. Gevolglik is die finansiële jaarstate moontlik nie geskik vir 'n ander doel nie. My mening word nie gewysig ten opsigte van hierdie aangeleentheid nie.

##### Ander inligting

Die raadslede is verantwoordelik vir die ander inligting. Die ander inligting ingesluit in die dokument met die titel "FEDSAS jaarlikse finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember 2025", wat die Raadsledeverslag en die aanvullende inligting soos uiteengesit in bladsye 30 tot 31 insluit, wat ons verkry het voor die datum van hierdie verslag. Die ander inligting sluit nie die jaarlikse finansiële state en ons ouditeursverslag daarop in nie.

My mening oor die jaarlikse finansiële state dek nie die ander inligting nie en ek spreek geen vorm van gerusstelling daaroor uit nie.

Directors: D Mc Lean - BCom(Hons) CA(SA) RA | A Brink - BAcc(Hons) CA(SA) RA | HE Venter - BAcc(Hons) CA(SA) RA  
Core Audit Incorporated | Company Reg No: 2012/163275/21 | VAT Reg No: 4760263899 | Tax Reg No: 9016/075/24/5 | IRBA Practice No: 971127

## INDEPENDENT AUDITORS' REPORT

### To the members of FEDSAS

#### Report on the Audit of the Annual Financial Statements

##### Opinion

I have audited the annual financial statements of FEDSAS (the organisation) set out on pages 13 to 29, which comprise the statement of financial position as at 31 December 2025, statement of comprehensive income, statement of changes in equity and statement of cash flows for the year then ended, and the notes to the annual financial statements, including significant accounting policies.

In my opinion, the annual financial statements of FEDSAS for the year ended 31 December 2025 are prepared, in all material respects, in accordance with the basis of accounting described in Note 1 to the annual financial statements and the requirements of the Constitution of the National Council.

##### Basis for opinion

I conducted my audit in accordance with International Standards on Auditing. My responsibilities under those standards are further described in the Auditor's Responsibilities for the Audit of the Annual Financial Statements section of my report. I am independent of the organisation in accordance with the Independent Regulatory Board for Auditors' Code of Professional Conduct for Registered Auditors (IRBA Code) and other independence requirements applicable to performing audits of annual financial statements in South Africa. I have fulfilled my other ethical responsibilities in accordance with the IRBA Code and in accordance with other ethical requirements applicable to performing audits in South Africa. The IRBA Code is consistent with the corresponding sections of the International Ethics Standards Board for Accountants' International Code of Ethics for Professional Accountants (including International Independence Standards). I believe that the audit evidence I have obtained is sufficient and appropriate to provide a basis for my opinion.

##### Emphasis of Matter - Basis of Accounting

I draw attention to Note 1 to the annual financial statements, which describes the basis of accounting. The annual financial statements are prepared in accordance with the organisation's own accounting policies to satisfy the financial information needs of the users of the financial statements. As a result, the annual financial statements may not be suitable for another purpose. My opinion is not modified in this respect.

##### Other information

The members are responsible for the other information. The other information included in the document titled "FEDSAS annual financial statements for the year ended 31 December 2025", which includes the Member's Report and the supplementary information as set out on pages 30 to 31. The other information does not include the annual financial statements and my auditor's report thereon.

My opinion on the annual financial statements does not cover the other information and I do not express an audit opinion or any form of assurance conclusion thereon.

In verband met my oudit van die jaarlikse finansiële state is dit my verantwoordelikheid om die ander inligting te lees, en sodoende te oorweeg of die ander inligting weselik teenstrydig is met die jaarlikse finansiële state of kennis verkry gedurende die oudit, of andersins blyk om weselik wanvoorgestel te wees. Indien ek, gebaseer op die werk wat ek uitgevoer het, tot die gevolgtrekking kom dat daar 'n weselike wanvoorstelling van hierdie ander inligting is, word van my vereis om daardie feit te rapporteer. Ek het niks om te rapporteer in die verband nie.

#### **Verantwoordelikhede van die raadslede vir die Jaarlikse Finansiële State**

Die raadslede is verantwoordelik vir die opstel en redelike voorstelling van die jaarlikse finansiële state ooreenkomstig met die grondslag van rekeningkunde beskryf in Aantekening 1 by die finansiële jaarstate en die vereistes van die Grondwet van die Nasionale Raad, asook vir die interne kontrole wat deur die lede bepaal is soos benodig om die voorbereiding van die jaarlikse finansiële state moontlik te maak wat sonder weselike wanvoorstellings mag wees, hetsy weens bedrog of foute.

As deel van die opstel van die jaarlikse finansiële state is die raadslede daarvoor verantwoordelik om die entiteit se vermoë om as 'n lopende saak voort te bestaan te beoordeel, en waar toepaslik aangeleenthede wat verband hou met lopende saak en die gebruik van die lopende saak-grondslag van verslagdoening te openbaar, tensy die raadslede beplan om die organisasie te likwideer of om bedrywighede te staak, of geen realistiese alternatief het as om so te maak nie.

#### **Ouditeur se verantwoordelikhede vir die oudit van die Jaarlikse Finansiële State**

My doelwitte is om redelike gerusstelling te verkry dat die jaarlikse finansiële state as 'n geheel sonder weselike wanvoorstelling is, hetsy weens bedrog of foute, en om 'n ouditeursverslag uit te reik wat my mening bevat. Redelike gerusstelling is 'n hoë vlak van gerusstelling, maar is nie 'n waarborg dat 'n oudit wat ooreenkomstig die ISAs uitgevoer is altyd 'n weselike wanvoorstelling sal opspoor wanneer dit bestaan nie. Wanvoorstellings kan ontstaan as gevolg van bedrog of foute, en word individueel of in totaal weselik geag indien dit redelikerwys verwag kan word dat sodanige wanvoorstellings die ekonomiese besluite van gebruikers wat op grond van hierdie jaarlikse finansiële state geneem word, sal beïnvloed.

As deel van 'n oudit ooreenkomstig die ISAs, oefen ek professionele oordeel uit en handhaaf ek professionele skeptisisme gedurende die oudit. Insluitende:

- Identifiseer en beoordeel die risiko's van weselike wanvoorstelling van die Jaarlikse Finansiële State, hetsy weens bedrog of foute, ontwerp en voer prosedures uit na aanleiding van daardie risiko's, en verkry ouditbewyse wat voldoende en toepaslik is om 'n grondslag vir ons ouditmening te bied. Die risiko van nie-opsporing van 'n weselike wanvoorstelling as gevolg van bedrog is groter as vir 'n weselike wanvoorstelling as gevolg van foute, aangesien bedrog samespanning, vervalsing, doelbewuste weglatings, wanvoorstellings, of die omseiling van interne beheer kan behels.
- Verkry 'n begrip van interne beheer relevant tot die oudit ten einde ouditprosedures te ontwerp wat toepaslik is in die omstandighede, maar nie vir die doel om 'n mening uit te spreek oor die effektiwiteit van die entiteit se interne beheer nie.
- Evalueer die toepaslikheid van rekeningkundige beleid wat gebruik is en die redelikheid van rekeningkundige ramings en verwante openbaarmaking wat deur bestuur gemaak is.

In connection with my audit of the annual financial statements, my responsibility is to read the other information and, in doing so, consider whether the other information is materially inconsistent with the annual financial statements or my knowledge obtained in the audit, or otherwise appears to be materially misstated. If, based on the work I have performed, I conclude that there is a material misstatement of this other information, I am required to report that fact. I have nothing to report in this regard.

#### **Responsibilities of the board members for the Annual Financial Statements**

The members are responsible for the preparation of the annual financial statements in accordance with the basis of accounting described in Note 1 to the annual financial statements and the requirements of the Constitution of the National Council, for determining that the basis of preparation is acceptable in the circumstance and for such internal control as the directors determine is necessary to enable the preparation of annual financial statements that are free from material misstatement, whether due to fraud or error.

In preparing the annual financial statements, the members are responsible for assessing the organisation's ability to continue as a going concern, disclosing, as applicable, matters related to going concern and using the going concern basis of accounting unless the members either intend to liquidate the organisation or to cease operations, or have no realistic alternative but to do so.

#### **Auditor's responsibilities for the audit of the Annual Financial Statements**

My objectives are to obtain reasonable assurance about whether the annual financial statements as a whole are free from material misstatement, whether due to fraud or error, and to issue an auditor's report that includes my opinion. Reasonable assurance is a high level of assurance, but is not a guarantee that an audit conducted in accordance with International Standards on Auditing will always detect a material misstatement when it exists. Misstatements can arise from fraud or error and are considered material if, individually or in the aggregate, they could reasonably be expected to influence the economic decisions of users taken on the basis of these annual financial statements.

As part of an audit in accordance with International Standards on Auditing, I exercise professional judgement and maintain professional scepticism throughout the audit. I also:

- Identify and assess the risks of material misstatement of the annual financial statements, whether due to fraud or error, design and perform audit procedures responsive to those risks, and obtain audit evidence that is sufficient and appropriate to provide a basis for our opinion. The risk of not detecting a material misstatement resulting from fraud is higher than for one resulting from error, as fraud may involve collusion, forgery, intentional omissions, misrepresentations, or the override of internal control.
- Obtain an understanding of internal control relevant to the audit in order to design audit procedures that are appropriate in the circumstances, but not for the purpose of expressing an opinion on the effectiveness of the organisation's internal control.
- Evaluate the appropriateness of accounting policies used and the reasonableness of accounting estimates and related disclosures made by the members.

- Kom tot 'n gevolgtrekking oor die toepaslikheid van die raadslede se gebruik van die lopende saak-grondslag van verslagdoening, en gebaseer op ouditbewyse verkry, kom tot 'n gevolgtrekking oor die bestaan van 'n wesenlike onsekerheid wat verband hou met gebeure of omstandighede wat beduidende twyfel kan laat bestaan oor die groep en die genootskap se vermoë om as 'n lopende saak voort te bestaan. Waar ek tot die gevolgtrekking kom dat 'n wesenlike onsekerheid bestaan word daar van my vereis om in my ouditeursverslag aandag te vestig op die toepaslike openbaarmaking in die jaarlikse finansiële state, of, indien sodanige openbaarmaking onvoldoende is, om ons mening te wysig. My gevolgtrekkings word gebaseer op ouditbewyse verkry tot en met die datum van my ouditeursverslag. Toekomstige gebeure en omstandighede mag egter daartoe aanleiding gee dat die groep en / of die genootskap ophou om as 'n lopende saak voort te bestaan.

Ek kommunikeer met die organisasie oor, onder andere, die beplande omvang en tydsberekening van die oudit en beduidende ouditbevindinge, insluitende enige beduidende tekortkominge in interne beheer wat ek tydens ons oudit identifiseer.

#### **Verslag rakende ander wetlike en regulatoriese vereistes**

In terme van die IRBA-kode wat in die Staatskoerant, nommer 39475, op 4 Desember 2015 gepubliseer is, bevestig ek dat Core Audit Incorporated FEDSAS geoudit het vir 8 jaar.

- Conclude on the appropriateness of the members use of the going concern basis of accounting and based on the audit evidence obtained, whether a material uncertainty exists related to events or conditions that may cast significant doubt on the organisation's ability to continue as a going concern. If I conclude that a material uncertainty exists, I am required to draw attention in our auditor's report to the related disclosures in the annual financial statements or, if such disclosures are inadequate, to modify my opinion. My conclusions are based on the audit evidence obtained up to the date of my auditor's report. However, future events or conditions may cause the organisation to cease to continue as a going concern.

I communicate with the members regarding, among other matters, the planned scope and timing of the audit and significant audit findings, including any significant deficiencies in internal control that I identify during my audit.

#### **Report on other legal and regulatory requirements**

In terms of the IRBA Rule published in Government Gazette Number 39475 dated 4 December 2015, I report that Core Audit Incorporated has audited FEDSAS for 8 years.



**Ms A Brink**  
**Director**  
**Registered Auditor**  
**Chartered Accountant (SA)**

## PRAKTISYN KOMPILASIE VERSLAG

### Aan die lede van FEDSAS


Ek het die jaarlikse finansiële state van FEDSAS, soos uiteengesit op bladsy 13 - 29, opgestel volgens die inligting wat aan my verskaf is. Hierdie jaarlikse finansiële state bestaan uit die staat van finansiële posisie soos op 31 Desember 2025, en die staat van omvattende inkomste, staat van verandering in ekwiteit en staat van kontantvloeï vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, en die aantekeninge wat bestaan uit 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleide en ander verduidelikende inligting.

Ek het die kompilasie gedoen volgens die Internasionale Standaard van Verwante Dienste 4410 (Hersien), Kompilasie aanstellings.

Ek het my kundigheid in rekeningkunde en finansiële verslagdoening aangewend om u by te staan met die opstel en aanbieding van die jaarlikse finansiële state op grond van rekeningkunde beskryf in Aantekening 1 van die finansiële jaarstate. Ek het aan die relevante etiese vereistes voldoen, insluitend beginsels van integriteit, objektiwiteit, professionele bevoegdheid en behoorlike sorg.

Die jaarlikse finansiële state en die akkuraatheid en volledigheid van die inligting wat gebruik is om op te stel is u verantwoordelikheid.

Aangesien 'n kompilasie nie 'n gerustellingsaanstelling is nie, hoef ek nie die akkuraatheid of volledigheid van die inligting wat u aan my verskaf is om die jaarlikse finansiële state te kompilleer, te verifieer nie. Gevolglik, spreek ek geen mening uit om aan te dui of die jaarlikse finansiële state voltooi is in lyn met die rekeningkunde beskryf in Aantekening 1 van die finansiële jaarstate.

  
**Ms H Scarrano**  
**Director**  
**Chartered Accountant (S.A.)**

## PRACTITIONER'S COMPILATION REPORT

### To the members of FEDSAS

I have compiled the annual financial statements of FEDSAS, as set out on pages 13-29, based on the information you have provided. These annual financial statements comprise the statement of financial position of FEDSAS as at 31 December 2025, the statement of comprehensive income, statement of changes in equity and statement of cash flows for the year then ended, and a summary of significant accounting policies and other explanatory information.

I performed this compilation engagement in accordance with International Standard on Related Services 4410 (Revised), Compilation Engagements.

I have applied my expertise in accounting and financial reporting to assist you in the preparation and presentation of these annual financial statements on the basis of accounting described in Note 1 to the annual financial statements. I have complied with relevant ethical requirements, including principles of integrity, objectivity, professional competence and due care.

These annual financial statements and the accuracy and completeness of the information used to compile them are your responsibility.

Since a compilation engagement is not an assurance engagement, I am not required to verify the accuracy or completeness of the information you provided to me to compile these annual financial statements. Accordingly, I do not express an audit opinion or a review conclusion on whether these annual financial statements are prepared in accordance with the basis of accounting described in Note 1 to the annual financial statements.

Directors: JN Kriel - BCompt(Hons) CA(SA) | L van den Berg - BCompt(Hons) CA(SA) | DC Prinsloo - BCompt AGA(SA)  
D Mc Lean - BCom(Hons) CA(SA) RA | A Brink - BAcc(Hons) CA(SA) RA | H Scorrano - BAcc(Hons) CA(SA)  
Core Bloemfontein (Pty) Ltd | Company Reg No: 1995/OO4499/O7 | VAT Reg No: 4010150201 | TAX Reg No: 9000/697/40/O

**FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEËINDIG**  
**31 DESEMBER 2025**

**FINANCIAL STATEMENTS FOR THE YEAR ENDED**  
**31 DECEMBER 2025**

**LEDE SE VERSLAG**

**MEMBERS' REPORT**

Die lede het die voorreg om hulle verslag rakende die jaarlikse finansiële state van FEDSAS vir die jaar geëindig 31 Desember 2025 voor te lê.

The members have pleasure in submitting their report on the annual financial statements of FEDSAS for the year ended 31 December 2025.

**1. Aard van besigheid**

**1. Nature of business**

FEDSAS is geïnkorporeer en is werksaam in Suid-Afrika en ondersteun skoolbeheerliggame met die uitvoering van hulle pligte.

FEDSAS was incorporated and operates in South Africa by assisting school governing bodies in the performance of their duties.

Gedurende die jaar het geen wesenlike veranderinge plaasgevind ten opsigte van die besigheidsaktiwiteite nie.

There have been no material changes to the nature of the organisation's business from the prior year.

**2. Hersiening van finansiële resultate en aktiwiteite**

**2. Review of financial results and activities**

Die finansiële jaarstate is opgestel in ooreenstemming met entiteitspesifieke grondslag van rekeningkunde en die vereistes van die Grondwet van die Nasionale Raad. Die rekeningkundige beleid is konsekwent toegepas in vergelyking met die vorige jaar.

The annual financial statements have been prepared in accordance with organisation specific basis of accounting and the requirements of the Constitution of the National Council. The accounting policies have been applied consistently compared to prior year.

Volledige besonderhede van die finansiële posisie, die bedryfsresultate en die kontantvloei van die organisasie word in hierdie finansiële jaarstate uiteengesit.

Full details of the financial position, results of operations and cash flow of the organisation are set out in these Annual Financial Statements.

**3. Lede**

**3. Members**

Die lede in amptposisies op die datum van die verslag is as volg:

The members in office at the date of this report are as follows:

**Lede**

Dr S Mellors (Voorsitter)

Dr HJ Deacon (Hoof Uitvoerende Beampte)

**Members**

Dr S Mellors (Chairperson)

Dr HJ Deacon (Chief Executive Officer)

Daar was geen veranderinge vir die huidige periode in oorsig nie.

There have been no changes to the members for the period under review.

## LEDE SE VERSLAG

**4. Eiendom, aanleg en toerusting**

Daar was geen verandering in die aard van eiendom, aanleg en toerusting van die organisasie of in die beleid rakende hulle gebruik nie.

Op 31 Desember 2025 het die organisasie se belegging in eiendom, aanleg en toerusting R567 882 (2024: R436 864) beloop, waarvan R369 536 (2024: R169 450) in die huidige jaar toegevoeg is.

**5. Versekering en risikobestuur**

Die organisasie volg 'n beleid om jaarliks risiko's te identifiseer wat verband hou met bates en moontlike laste voortspruitend uit besigheidstransaksies. Waar dit moontlik is word bates outomaties ingesluit. Daar is ook deurlopende baterisiko-kontroleprogramme wat uitgevoer word tesame met die versekeringsmakelaars van die organisasie. Alle risiko's word geag behoorlik gedek te wees, behalwe vir die politieke risiko's, in die geval waar soveel dekking as wat redelik beskikbaar is gereël is.

**6. Na balanstaat gebeurde**

Die lede is nie bewus van enige ander wesenlike gebeurtenis wat na die verslagdoeningsdatum en tot op die datum van hierdie verslag plaasgevind het nie.

**7. Lopende saak**

Die Jaarlikse Finansiële State is opgestel op grond van rekeningkundige beleid wat op 'n lopende saak-grondslag gebaseer was. Dié grondslag veronderstel dat daar fondse sal wees om toekomstige bedrywighede te befonds en dat die realisering van bates en die vereffening van laste, voorwaardelike aanspreeklikhede en verbintenisse in die gewone gang van sake sal plaasvind.

Die lede glo dat die maatskappy oor voldoende finansiële hulpbronne beskik om vir die afsienbare toekoms in bedryf te bly en gevolglik is die jaarlikse finansiële state op 'n lopende saak-basis opgestel. Die lede het hulself tevrede gestel dat die maatskappy in 'n gesonde finansiële posisie is en dat dit toegang het tot voldoende leningsfasiliteite om aan sy voorsienbare kontantbehoefte te voldoen. Die lede is nie bewus van enige nuwe wesenlike veranderinge wat die organisasie nadelig kan beïnvloed nie. Die lede is ook nie bewus van enige wesenlike nienakoming van statutêre of regulatoriese vereistes of van enige hangende veranderinge aan wetgewing wat die organisasie kan beïnvloed nie.

## MEMBERS' REPORT

**4. Property, plant and equipment**

There was no change in the nature of the property, plant and equipment of the organisation or in the policy regarding their use.

At 31 December 2025 the organisation's investment in property, plant and equipment amounted to R567 882 (2024: R436 864), of which R369 536 (2024: R169 450) was added in the current year through additions.

**5. Insurance and risk management**

The organisation follows a policy of reviewing the risks relating to assets and possible liabilities arising from business transactions with its insurers on an annual basis. Wherever possible assets are automatically included. There is also a continuous asset risk control program, which is carried out in conjunction with the organisation's insurance brokers. All risks are considered to be adequately covered, except for political risks, in the case of which as much cover as is reasonably available has been arranged.

**6. Events after the reporting period**

The members are not aware of any other material event which occurred after the reporting date and up to the date of this report.

**7. Going concern**

The Annual Financial Statements have been prepared on the basis of accounting policies applicable to a going concern. This basis presumes that funds will be available to finance future operations and that the realisation of assets and settlement of liabilities, contingent obligations and commitments will occur in the ordinary course of business.

The members believe that the company has adequate financial resources to continue in operation for the foreseeable future and accordingly the annual financial statements have been prepared on a going concern basis. The members have satisfied themselves that the company is in a sound financial position and that it has access to sufficient borrowing facilities to meet its foreseeable cash requirements. The members are not aware of any new material changes that may adversely impact the organisation. The members are also not aware of any material non-compliance with statutory or regulatory requirements or of any pending changes to legislation which may affect the organisation.

**LEDE SE VERSLAG****8. Ouditeur**

Core Audit Ingelyf is in 2025 as ouditeur van die organisasie voortgesit.

Tydens die algemene jaarvergadering sal die lede gevra word om Core Audit Incorporated weer aan te stel as onafhanklike eksterne ouditeur van die organisasie en om te bevestig dat Me A Brink die aangewese ouditeur vir die 2026 finansiële jaar sal wees.

**9. Datum van magtiging vir uitreik van finansiële state**

Die Jaarlikse Finansiële State is deur die raadslede op 17 Maart 2026 gemagtig vir uitreiking. Geen magtiging is aan enige iemand gegee om die Finansiële State te wysig na die datum van uitreiking nie.

**MEMBERS' REPORT****8. Auditors**

Core Audit Incorporated continued in office as auditor for the organisation for 2025.

At the annual general meeting, the members will be requested to reappoint Core Audit Incorporated as the independent external auditor of the organisation and to confirm Me A Brink as the designated lead audit partner for the 2026 financial year.

**9. Date of authorisation for issue of financial statements**

The Annual Financial Statements have been authorised for issue by the members on 17 March 2026. No authority was given to anyone to amend the financial statements after the date of issue.

**FEDSAS**  
(Registrasienuommer: NPO 128-598)

**FEDSAS**  
(Registration number: NPO 128-598)

FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEËINDIG  
31 DESEMBER 2025

FINANCIAL STATEMENTS FOR THE YEAR ENDED  
31 DECEMBER 2025

STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE SOOS OP  
31 DESEMBER 2025

STATEMENT OF FINANCIAL POSITION AS AT  
31 DECEMBER 2025

	Aant.	2025 R	2024 R	Notes	
<b>BATES</b>					<b>ASSETS</b>
<b>Nie-bedryfsbates</b>					<b>Non-current assets</b>
Eiendom, aanleg en toerusting	3	567 882	436 864	3	Property, plant and equipment
		<u>567 882</u>	<u>436 864</u>		
<b>Bedryfsbates</b>					<b>Current assets</b>
Handels- en ander debiteure	4	851 437	178 103	4	Trade and other receivables
Kontant- en kontantekwivalente	5	13 956 583	14 631 090	5	Cash and cash equivalents
		<u>14 808 020</u>	<u>14 809 193</u>		
<b>Totale Bates</b>		<u>15 375 902</u>	<u>15 246 057</u>		<b>Total Assets</b>
<b>EKWITEIT EN LASTE</b>					<b>EQUITY AND LIABILITIES</b>
<b>Ekwiteit</b>					<b>Equity</b>
Reserwes		1 869 035	1 538 235		Reserves
Behoue inkomste		11 076 986	11 908 139		Retained income
		<u>12 946 021</u>	<u>13 446 374</u>		
<b>Bedryfslaste</b>					<b>Current liabilities</b>
